

NUUSBRIEF






















Die 11de uitgawe van die AWS verskyn in 2017

DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Jaargang 55, Nommer 1
April 2017

AKADEMIERAAD 2015 - 2017

Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe:

Prof. S.M. Beukes, Johannesburg

Prof. I. Eloff, Pretoria **(Ondervoorsitter)**

Prof. A.E. Feinauer, Stellenbosch

Dr. M.L.A. le Cordeur, Stellenbosch

Prof. F. Pretorius, Pretoria

Prof. H.P. van Coller, Bloemfontein

Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie:

Dr. P.A.B. Carstens, Pretoria

Prof. J.N. Eloff, Pretoria

Prof. J.A.A. Engelbrecht, Port Elizabeth

Prof. O.B.W. Greeff, Pretoria

Dr. Sias Mostert, Stellenbosch

Prof. W.J. Pienaar, Stellenbosch **(Voorsitter)**

Prof. I.J. van der Walt, Potchefstroom

Ex officio-Raadslede:

Mnr. P.R. Botha, Pretoria (Voorsitter: Oudit- en Risikobestuurkomitee)

Prof. J.G. Maree, Pretoria (Redakteur*: SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*)

Prof. R.C. Wolfaardt, Hartbeespoort (Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*)



Voorwoord

Geagte Akademielede

Die Jan H. Maraisprys vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal is vanjaar aan proff. Jan van der Watt en Jaap Steyn gesamentlik toegeken. Die prysgeld van R500 000 word deur hulle gedeel en elkeen ontvang 'n maket van die beeld wat oorspronklik ter ere van Jan H. Marais deur Coert Steynberg ontwerp is. Op 30 Mei, die herdenking van die sterfdag van Jannie Marais, sal die prys tydens 'n geleentheid op Stellenbosch aan proff. Van der Watt en Steyn oorhandig word. (Meer hieroor op bl. 7 en 8.)

Bekronings:

Die Raad van die Akademie het besluit om in 2017 pryse in 24 kategorieë toe te ken. Van hierdie pryse is in onderafdelings verdeel, byvoorbeeld die Havengaprys, wat vanjaar in die vakgebiede Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe toegeken word. Hartlik geluk aan die 29 pryswenners. Ofskoon die Akademie besonder in sy skik met al die bekronings is, lig ek graag 'n paar uit. Die Hertzogprys vir Poësie word vir *Mede-wete* aan Antjie Krog toegeken. Die Hertzogprys is die prestigeprys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en bestaan uit 'n goue medalje en 'n kontantbedrag van R50 000, wat deur *Rapport* geborg word. Daar is vanjaar drie wenners van die Eugène Maraisprys, naamlik Lien Botha vir *Wonderboom* (prosa), Amy Jephta vir *Kristalvlakte* (drama), en Bibi Slippers vir *Fotostaat-masjien* (poësie). Elkeen ontvang 'n volwaardige prys, die prys word dus nie gedeel nie. Twee pryse word toegeken aan die regisseur en draaiboekskrywer Richard Finn Gregory. Hy ontvang as regisseur die Erepenning vir 'n Dokumentêre TV-program in Afrikaans en vir sy program *Boere op die aardsdrempel* die Deleen Bekkerprys vir die beste dokumentêre TV-draaiboek in Afrikaans. Die Deleen Bekkerprys behels 'n kontantbedrag van R50 000 en 'n goue medalje.

Hartlike dank aan al die lede van die keurkomitees en kommissies wat oor die bekronings moes besin. Die opoffering van u kosbare tyd en die beskikbaarstelling van u kundigheid word opreg waardeer.

Die pryse sal na keuse van die bekroondes tydens bekroningsplegtighede op onderskeidelik 21 Junie in Stellenbosch en 29 September in Pretoria oorhandig word.

... /2

Inhoudsopgawe

Voorwoord Uit die Akademiekantoor	1-6
Jan H. Maraisprys 2017 Belangrike datums	7-8
Akademiepryse 2017	9-10
Poort-Skryfkompetisie 2017	11-14
Die ATKV-SA Akademie-prys	15
Dink of Sink-universiteitedebatskompetisie	16
Ons praat Afrikaans	17
Geskiedenisberaad 2017	18
Die Taalkommissie vergader Die Nkhoma-Universiteit in Malawi	19-20
Afrikaanse Wikipedia-projek in 2017	21
Robbeneiland-brief	22
Afrikaans die eerste keer in hofstukke erken	23
Die groot verlies – prof. Flip Smit Johan Combrink-gedenklesing	24-30
F.W. de Klerk ontvang gesogte toekenning	31
Wat sê die wetenskap	32-33
Lede in die nuus Navorsingspublikasies deur lede Interessante nuus: TGW	34-36
Nuwe lede In memoriam – lede	37
Hulde: Akademielede	38-42
Boekbekendstellings	43-49
Uitnodiging: ATKV-Skryfskool 2017	50
Persberigte 2017	51
PSG	52

Redakteur:
Dionē Prinsloo
Redaksionele assistent:
Nellie Engelbrecht
Medewerker:
Wessel Pienaar
Taalversorging:
Tom McLachlan
Buiteblad:
Afrikaanse woordelys en spelreëls-uitgawes sedert 1917

ISSN: 0039-4807

Voorwoord (vervolg)

Jaarvergadering en Simposium:
Die algemene jaarvergadering, jaarlikse simposium en bekroningsplegtigheid word vanjaar op 28 en 29 September in Pretoria gehou. U is hartlik welkom om hierdie geleenthede by te woon. Elders in die Nuusbrief verskyn besonderhede oor die tema wat tydens die simposium aan die orde sal kom. U word vriendelik uitgenooi om opsommings van moontlike voordragte aan dr. Linda Brink te stuur. Raadpleeg gerus die Akademie se webtuiste in hierdie verband (www.akademie.co.za).

***Tydskrif vir Geesteswetenskappe*:**
In vorige uitgawes van die Nuusbrief het ek aandag gewy aan die onderskeie kommissies en ander werksaamhede van die Akademie. Benewens die voortbring van die intellektuele produkte wat ek voorheen bespreek het, is die Akademie ook die trotse uitgewer van twee geakkrediteerde wetenskaplike tydskrifte, te wete die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*. In hierdie Nuusbrief skenk ek aandag aan die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe.*

In die gedenkuitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (*TGW*) wat in Desember 2011 verskyn het, skryf prof. Pieter Kapp oor die tydskrif se "Vyftig jaar diens aan die geesteswetenskappe" (Kapp 2011:461–471). Hy skets kortliks die ontstaan van die tydskrif aan die hand van die aksentverskuiwing binne die Akademie van "wetenskap" as 'n algemene benoeming vir navorsing na die erkenning van die belangrikheid van geesteswetenskaplike náás natuurwetenskaplike navorsing. In 1961 het die Akademie besluit om die naam van die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns te verander na Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe; terselfdertyd is die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (1936 tot 1960) gestaak en is begin "met sy gesaghebbende *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en die *Tydskrif vir Natuurwetenskappe*" (Kapp 2011:463). Kapp wys voorts daarop dat, in die lig van die groeiende waardering vir die geesteswetenskappe naas die natuur- en kultuurwetenskappe, dit vanselfsprekend was dat die *TGW* "'n besondere plek [sou] beklee om die geesteswetenskappe oor die breedste moontlike front te ondersteun" (Kapp 2011:463).

Sodanige ondersteuning van die geesteswetenskappe is onder opeenvolgende redakteurs van die *TGW* gehandhaaf: prof. P.J. Nienaber (1961–1969), prof. Elize Botha (1970–1976), prof. Edith Raidt (1977–2000) en prof. Ina Wolfaardt-Gräbe (sedert 2001). In 'n era van toenemende kommersialisering van universiteite en die gepaardgaande "tegnokratisering" van kennis is dit juis in die *TGW*, onder meer deur die bekwame en besielende gasredakteurskap van byvoorbeeld prof. C.S. (Fanie) de Beer, dat 'n voortgesette en indringende debat sedert 2012 oor die aard en relevansie van die geesteswetenskappe gevoer word wat in 'n aantal spesiale uitgawes en afdelings gerapporteer is. Die groot aantal dissiplines – van die filosofie, die politieke wetenskap, die opvoedkunde en die godsdienswetenskap tot die ekonomie en die oudiologie – waaroor artikels in die *TGW* verskyn het, bevestig terselfdertyd onafhanklik die relevansie van die geesteswetenskappe.

Gegee die toenemende druk op Afrikaans as wetenskapstaal, is dit ook in die *TGW* waar sake soos die belangrikheid van moedertaalonderrig, of die waarde van meertaligheid by tersiêre inrigtings beredeneer word. Trouens, die waarde van die *TGW* in die ondersteuning en uitbouing van Afrikaans as wetenskapstaal word op verskeie vlakke waarneembaar: enersyds in artikels oor die Afrikaanse taalkunde en letterkunde, maar andersyds juis in die beoefening van navorsing in 'n verskeidenheid

Voorwoord (vervolg)

dissiplines *in Afrikaans*. Dat daar, ten spyte van die heersende taalbeleid ook aan voorheen Afrikaanstalige universiteite, baie navorsers is wat van hulle beste werk óók in Afrikaans lewer, blyk uit die groei van die *TGW* die afgelope paar jaar. Dit blyk ook uit die feit dat outeurs wat in die *TGW* publiseer, gereeld tel onder die wenners van die ATKV-SA Akademie-pryse, waarom alle artikels oor die geesteswetenskappe meeding wat binne 'n sekere tydperk in Afrikaans in enige vaktydskrif gepubliseer is. Laastens word die gehalte van die artikels duidelik wanneer die redaksiekomitee jaarliks moet besin oor die outeur wat met die Esther Greeffprys vir die beste artikel in die *TGW* beloon moet word.

Erkenning van die waarde van sodanige geesteswetenskaplike navorsing *in Afrikaans* blyk onder meer uit die feit dat die *TGW* op versoek van die sekretariaat van die NSEF (National Scholarly Editors' Forum) sedert 2009 op die SciELO-webwerf geplaas is – een van 'n beperkte aantal nasionaal geakkrediteerde tydskrifte wat hiervoor in aanmerking gekom het. Alhoewel die *TGW* vier keer per jaar (Maart, Junie, September en Desember) in druk verskyn, is dit ook beskikbaar as 'n digitale ooptoegang publikasie wat gratis van die SciELO-platform afgelaai kan word. Internasionale sigbaarheid word verhoog deurdat gelyktydige tolking van die Afrikaanse pdf in meer as 20 verskillende tale beluister kan word. Die akademiese status van die tydskrif word laastens ook bevestig deur die indeksering van die *TGW* in byvoorbeeld *Scopus* (Elzevier) en die *Social Sciences Citation Index* (Thomson Reuters) sedert 2009.

Uiteraard sou die *TGW* nie as gerekende publikasie kon ontwikkel het sonder die voortgesette bydraes van outeurs en gasredakteurs of die kritiese insette van kundige lesers op 'n verskeidenheid van spesialisgebiede nie. Benewens bydraes deur gevestigde navorsers word ook erkenning gegee aan die navorsing van opkomende akademici, wat dikwels in samewerking met 'n studieleier of promotor nuwe navorsing bekend stel. Groot dank en erkenning is verskuldig aan prof. Ina Wolfaardt-Gräbe, huidige redakteur van die *TGW*, vir die sukses wat met die *TGW* behaal word danksy haar bekwame en toegewyde redakteurskap.

Met vriendelike Akademiegroete

Wessel Pienaar
Voorsitter

Uit die Akademiekantoor

- **Jaarvergadering, simposium en bekroningsplegtighede, 2017:** Die SA Akademie se jaarvergadering en jaarlikse simposium vind vanjaar op 28 en 29 September in Pretoria plaas.


  Tema: *'n Wêreld tussen globalisme en nasionalisme: die uitwerking van wêreldtendense op Suid-Afrika.*

  Die bekroningsplegtighede vind vanjaar onderskeidelik op Stellenbosch (Woensdag 21 Junie) en in Pretoria (Vrydag 29 September) plaas. Teken die datums asseblief aan!

Uit die Akademiekantoor

➢ Die bouprojek vorder:








➢ Engelenburghuis kry terselfdertyd ook 'n nuwe baadjie:

Die gedeeltes wat in 1953 en 1999 by die huis aangebou is, is intussen gesloop en die huis word herstel volgens die oorspronklike planne van dr. F.V. Engelenburg toe hy die huis in 1903 gebou en in 1922 vergroot het. In 1999 het die Akademie se kantore van die groot Akademiegebou in Ziervogelstraat (vandag die Zambiese Ambassade) na Engelenburghuis verhuis. Afgesien van die kantore wat vir die personeellede ingerig moes word, moes daar ook 'n klein kombuisie kom. Die oorspronklike kombuis wat Engelenburg gebruik het, is in 1999 omskep in 'n ontvangsarea en die enigste ander vertrek wat moontlik as kombuis vir die personeel sou kon dien, was die oorspronklike badkamer, wat Engelenburg tot in 1938 gebruik het. Die argitek wat die inrigting van die kantore gedoen het, was die bekende argitek, mnr. Samuel Pauw. Hy het die historiese waarde van die badkamer, en veral die ingesonke bad, besef en besluit om die bad te behou. Hy het 'n houtkas bo-oor die bad laat maak, en die kombuiskaste bo-op laat aanbring. Die oorspronklike ingevoerde Persiese teëls in die badkamer het ook behoue gebly. Volgens beplanning sal die "ou" spens nou as kombuisie ingerig word en die badkamer so ver moontlik heringerig word as deel van die museum.



Uit die Akademiekantoor (vervolg)

- Die **Wiskunde-in-Aksie** vir graad 6- en 7-leerders vind vanjaar op Maandag 12 Junie plaas, en die Pretdae sal gedurende Augustus en September by die verskillende universiteite aangebied word.

- Op versoek van prof. Kobus van der Walt van die NWU, bied die Akademie vanjaar 'n nuwe wedstryd aan. **Wetenskap-in-Aksie** vir graad 6- en 7-leerders sal nasionaal aangebied word en vind op Dinsdag 13 Junie 2017 plaas. Die toppresteerders skakel saam met die Wiskundepresteerders by die onderskeie Pretdae in. Die ondersteuning van die Raadslede en Akademielede in die verskillende streke word opreg waardeer.

- Die Raad het aanbeveel dat die artikels wat in die *TGW* en *SATNT* verskyn het, in die toekoms ook in die Nuusbrief vermeld sal word.

- **Gelukwensings aan die volgende lede:**
  - Prof. Fransjohan Pretorius het 'n B1-gradering van die NNS ontvang.
  - Prof. Michael le Cordeur is deur die Universiteit Stellenbosch tot mede-professor bevorder.

- Die **SA Akademie vir Wetenskap en Kuns-** en die **Janetta Strauss-beurse** word jaarliks aan nagraadse studente in die Departement Afrikaans by UP toegeken. Die geld is oorspronklik deur prof. Oppel Greeff bewillig. Aanvanklik was hierdie toekennings pryse om prestasie te beloon, maar hulle is sedert 2010 vergroot en tot beurse aangepas. Die volgende beurse is toegeken:



Die SA Akademie-beurs vir 'n buitengewoon verdienstelike nagraadse student aan **Shawna-Leze Meiring**

Die Janetta Strauss-beurs vir 'n verdienstelike student in Afrikaans aan **Ruan Coetzer**




- **Akademiebeurse toegeken:** As gevolg van die toename in beursaansoeke vir 2017 het die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO) die borgskap vir die beurse verhoog en kon die Akademie beurse aan 40 meesters- en 32 doktorale studente toeken. Baie geluk aan een van dié studente, **Maylene Basson** ('n student van prof. Michael le Cordeur), wat haar PhD-graad aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het. Sy berei tans 'n artikel vir die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* voor: "'n Aksie-navorsingsondersoek na die pedagogiese vakkennis van Afrikaanse Huistaalonderwysers deur middel van 'n professionele ontwikkelingsprogram".




Maylene Basson en prof. Michael le Cordeur

Uit die Akademiekantoor (vervolg)


➢ **Boekeprojek:** Die Akademie het die publikasie van hierdie boeke gedeeltelik geborg.



Ons kom van vêr – Bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans
W.A.M. Carstens en Michael le Cordeur



Paul Kruger – Toesprake en korrespondensie van 1881-1900
J.S. Bergh



Die VOC aan die Kaap 1652 – 1795
Con de Wet, Leon Hattingh en Jan Visagie



Kultuurvryheid en selfbestuur: Keuses van klein groepe wêreldwyd
Heinrich Matthee



Bendebedrywighede en Ekonomiese Versoening in Suid-Afrika
Dr. Ruben Richards



Die hart van God – Verhale van vroue in sending
Lisel Joubert en Isabel Murray

Voorleggings in verband met finansiële bystand ten opsigte van publikasies kan aan die Akademie gestuur word.

Sien www.akademie.co.za onder P*rojekte: navorsing en publikasies* vir die voorwaardes.

Jan H. Maraisprys 2017

Die Jan H. Maraisprys vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal is vanjaar aan proff. Jaap Steyn en Jan van der Watt gesamentlik toegeken:



Prof. Jaap Steyn, seker Suid-Afrika se bekendste taalhistorikus, is in 1938 naby Fouriesburg in die Vrystaat gebore. Hy is 'n oud-Kovsie wat nagraads in Amsterdam studeer en in 1969 sy doktorsgraad in algemene taalwetenskap aan die destydse Universiteit van Port Elizabeth (UPE) behaal het. Hy het sy loopbaan begin as 'n joernalis by die *Volksblad*, 'n beroep waarheen hy in 1974 en 1975 kortliks by *Rapport* teruggekeer het. Sy roeping was egter dié van akademikus, eers by die destydse UPE en Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) en daarna as professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) in Bloemfontein. Aan die einde van 1997 het hy met pensioen afgetree, maar steeds aktief navorsing gedoen en wyd gepubliseer.

Die afgelope bykans vyftig jaar het hy honderde publikasies gelewer, van koerantartikels tot gedigte en kortverhale. Jaap Steyn se biografieë van NP van Wyk Louw, Piet Cillié en MER word as standaardwerke beskou. Hy is veral bekend vir sy twee boeke oor die geskiedenis van Afrikaans, *Tuiste in eie taal* (1980) en *Ons gaan 'n taal maak* (2014). Vir sy werk het Steyn reeds talle eerbewyse ontvang, onder andere die Stalsprys, die Louis Hiemstraprys vir niefiksie, die NP van Wyk Louwmedalje en Erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.



Prof. Jan van der Watt, gebore in Germiston aan die Oos-Rand in 1952, het sy eerste graad aan die UPE behaal en alle daaropvolgende grade *cum laude* aan die Universiteit van Pretoria (UP). Hy het ook twee doktorsgrade verwerf. Sy loopbaan as teologiese akademikus het hy begin aan die Universiteit van Fort Hare in die Oos-Kaap, waarna hy in 1986 aan die UP se Fakulteit Teologie aangestel is. Van 1986 tot 2009 was hy as professor in Nuwe Testament en departementshoof aan dié fakulteit verbonde. In 2009 aanvaar Jan van der Watt 'n professoraat in Nuwe Testament aan die Universiteit Radboud in Nijmegen, Nederland. Gestig in 1923 as die Katolieke Universiteit Nijmegen en in 2004 hernoem (na 'n vroeg Middeleeuse biskop en geleerde) geniet dié instelling met sy huidige 20 000 studente internasionale aansien vir sy navorsing en onderrig (121ste plek op die THE-ranglys van 2017).

Prof. Van der Watt geniet wêreldwye erkenning as deskundige oor die Nuwe Testament en as sodanig het hy bande met akademiese instellings wat strek van Duitsland en Rusland tot Suid-Korea. Sy talle publikasies (waarvan baie in Afrikaans, maar ook in Duits, Engels en Nederlands) het tot eerbewyse deur en uitnodigings na akademiese instellings oral ter wêreld gelei. Aan die UP is hy as 'n uitstaande akademikuspresteerder erken. In Suid-Afrika het hy onder andere die Andrew Murrayprys en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Ds. Pieter van Drimmelenmedalje ontvang.

Jan H. Maraisprys 2017 (vervolg)



Die jaarlikse Jan H. Maraisprys is in 2015 by besluit van die Het Jan Marais Nationale Fonds, Naspers en die Universiteit Stellenbosch ingestel. Al drie instellings het hulle ontstaan te danke aan die versiende steun van Johannes Henoch Marais (1860–1915) van Stellenbosch wat saam met sy broers in die 1870's hulle fortuin op die Kimberleyse diamantvelde gemaak het. Jannie Marais was 'n groot ondersteuner van Afrikaans as 'n akademiese en literêre taal.

Die prys vir 'n lewensbydrae tot akademiese Afrikaans word geadministreer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die keurkomitee van vooraanstaande akademici uit verskillende dissiplines het vanjaar bestaan uit proff. Andreas van Wyk (Stellenbosch), Christof Heyns (Pretoria – afwesig), Debra Meyer (Johannesburg), Piet Steyn (Stellenbosch) en Arnold van Zyl (Duitsland) en dr. Johan van Zyl (Sanlam).

Dié prys van R500 000 kan weer in 2018 toegeken word. Die aanwending van die prysgeld is in die hande van die ontvanger.

Die SA Akademie nooi u uit om nominasies vir die Jan H Maraisprys vir 2018 voor te lê. Nominasies moet die Akademiekantoor voor 25 Januarie 2018 bereik. Sien www.akademie.co.za vir die nodige inligting in dié verband.




BELANGRIKE DATUMS

- Die SA Akademie se suidelike bekroningsplegtigheid vind op Woensdagaand **21 Junie** op Stellenbosch plaas. Die tweede bekroningsplegtigheid vind op Vrydag-aand **29 September** in Pretoria plaas.
- Die SA Akademie se jaarvergadering en jaarlikse simposium vind vanjaar op **28 en 29 September in Pretoria** plaas.
- Die jaarlikse Hertzoggedenklesing vind vanjaar op **13 September** plaas.
- Die Studentesimposium wat jaarliks natuurwetenskapstudente van oor die hele land lok, word op **2 en 3 November** gehou. Die gasheer is die Departement Chemie by die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, Universiteit van Pretoria.


Akademiepryse 2017

Die Raad van die SA Akademie het die volgende pryse vir 2017 toegeken. Die pryse sal na keuse van die bekroondes tydens bekroningsplegtighede, onderskeidelik op Woensdag 21 Junie op Stellenbosch en op Vrydag 29 September in Pretoria oorhandig word:

Hertzogprys vir Poësie: Antjie Krog vir *Mede-wete*



DRIE PRYSE IS VANJAAR VIR DIE EUGèNE MARAISPRYS TOEGEKEN




Eugène Maraisprys vir Prosa aan Lien Botha vir *Wonderboom*




Eugène Maraisprys vir Drama aan Amy Jephta vir *Kristalvlakte*



Eugène Maraisprys vir Poësie aan Bibi Slippers vir *Fotostaatmasjien*



LW Hiemstraprys vir Niefiksie aan Carel van der Merwe vir *Donker Stroom*



SA Akademieprys vir Vertaalde Werk aan Daniel Hugo vir *Oorlog en terpentyn* deur Stefan Hertmans

Akademiepryse 2017 (vervolg)

- **Havengaprys vir Lewenswetenskappe:** Prof. Jolanda Roux
- **Havengaprys vir Fisiese Wetenskappe:** Prof. Hendrik Geyer
- **Stalsprys vir Maatskaplike Werk:** Prof. Lambert Engelbrecht
- **Huberte Rupertprys vir Klassieke Musiek:** Hanna van Niekerk
- **Deleen Bekkerprys vir die Beste Dokumentêre TV-draaiboek in Afrikaans,** asook die **Erepenning vir 'n Dokumentêre Televisieprogram in Afrikaans:** Richard Finn Gregory
- **Erepenning vir die Bevordering van Geskiedenis:** Dr. Nicol Stassen
- **Erepenning vir Toneel- en Verhoogkuns** en die **Gerhard Beukesprys:** Gerben Kamper
- **Erepenning vir Radiodrama in Afrikaans:** Marita van der Vyver
- **Erepenning vir Visuele Kunste (Grafiese Kuns):** Ben Botma
- **Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie:** Prof. Jan Neethling
- **Protea Boekhuisprys vir die beste Geskiedenisverhandeling in Afrikaans** en die **Genl. Christiaan de Wet-beurs:** Anneke van Heerden
- **Albert Stratingprys vir Voorkomende Geneeskunde:** Prof. Hanlie Moss
- **D.F. du Toit-Malherbeprys vir Genealogiese Navorsing:** Prof. Gerhard Geldenhuys
- **Elizabeth C. Steijnmedalje:** Jannie van der Westhuizen
- **Besondere Erepenning:** Tommy Sasseen
- **Douw Greeffprys:** Prof. Eduard Venter, Phumzile Sibisi, Natasha van de Haar en Adriaana Jacobs vir hulle artikel *Bakteriële populasieprofiele vanaf diesel verkry by vulstasies*, wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, vol. 35, no. 1 (2016), verskyn het.
- **Esther Greeffprys:** Prof. Nerina Bosman vir haar artikel *EET en DRINK in Afrikaans – 'n leksikaal-semantiese ondersoek* wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jg. 55(1), Maart 2015, verskyn het.
- **Junior Kaptein Scottgedenkmedalje (Plantkundige Wetenskappe):** Ancia Cornelius, student aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, vir haar verhandeling *Health clinic gardens in North-West Province, South Africa, as complex social-ecological* systems.

Poort-Skryfkompetisie 2017

Die organiseerder van die POORT-Skryfkompetisie, mev. Ina van Schalkwyk, rapporteer: Die jaarlikse POORT-Skryfkompetisie word al die afgelope 47 jaar deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns aangebied. Verblydende nuus is dat daar vanjaar weer eens 'n hele aantal "nuwe" skole, ook tuisskole, deelgeneem het. Benewens die Afrikaanse skole wat gereeld deelneem, is daar verskeie skole met Engels as onderrigmedium wat jaarliks entoesiasties aan hierdie kompetisie deelneem. Die keurders het uit 'n verskeidenheid van deelnemende skole kreatiewe skryfwerk wat meriete toon, geïdentifiseer vir plasing in die POORT-bundel wat later vanjaar gepubliseer word. Die keurpaneel is dit ook eens dat die gehalte van hierdie skryfwerk jaarliks verbeter. My opregte dank aan al die Afrikaans-leerkragte van alle skole wat jaarliks die leerders tot hierdie kreatiewe skryfaksies motiveer.

Kreatiewe skryfwerk van skole oor die lengte en breedte van die RSA en Namibië is vir dié jaarlikse skryfkompetisie vir evaluering ingestuur. Die vier nasionale keurders het pas die uitdagende evalueringsproses van die talle Poort-inskrywings afgehandel. Dit is aangenaam om die algehele wenners van 2017 se POORT-Skryfkompetisie in die prosa- en poësiegenres bekend te maak:


Wenner in Poësie: Brigitte Geyer vir haar gedig ***hier en daar***
Wenner in Prosa: Nina du Preez vir haar verhaal ***Ses-vyftig***

BRIGITTE GEYER, Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria, se wengedig

hier en daar


daar:
met 'n
onoorspronklike
sprong oor
die maan
baan
'n frieskoei
haar weg deur die
warm melkweg
die sterre
pasteuriseer haar
sy voer kaas
vir die muis op die
silwer sekel
en verkreukel
die aandlug
soos mikrogolfmelk

hier:
jy slurp die aand
die sterre klou
soos 'n snor om
jou lippe
soos saturnusringe
terwyl jy herkou
aan aardse dinge
en aan hoe jou
emmer
altyd halfleeg
blyk te staan
en swart vlieë trek
terwyl jou kudde
wit kringe
op die naglap
vlek



Poort-Skryfkompetisie 2017 (vervolg)

NINA DU PREEZ, Hoërskool Centurion, se wenverhaal



Ses-vyftig

Ek staar by die motorvenster uit. Pa se stem dreun voort oor iets wat hy gisteraand op die sewe-uur nuus gesien het. Op die radio kerm 'n inwoner van Kemptonpark oor die indringerplante in sy tuin. Dis 6:45. Pa se sportmotor stop by 'n verkeerslig.

"Drink jy genoeg water, Meisie?" vra Pa en neem 'n sluk uit die bottel in sy hand.

Ek maak asof ek hom nie hoor nie. Staar na die verkeer voor my. Die motors aan die oorkant van die kruising raak geleidelik minder, en begin dan weer opdam soos die ligte verander.

"Ek moet jou seker op 'n stadium leer bestuur," probeer Pa weer.

"Sure." Die sarkasme glip ongemerk by Pa verby.

Ek rol my oë, haal my foon uit my baadjiesak. Die digitale horlosie op die skerm wys die tyd in skuins wit. 6:46. Ons verkeerslig slaan groen en Pa wissel ratte. Stadig begin die Audi vorentoe kruip. Die enjin is skaars hoorbaar bo die stem van die radio-omroeper. Skielik is daar 'n skril klank. Pa se handpalm is plat op die toeter en ons ruk tot stilstand. 'n Taxi jaag oor die rooi lig. Mis net-net 'n voetganger voor hy doodluiters aan die anderkant van die kruising 'n passasier oplaai. 6:47. Pa tik ritmies met sy vingers op die stuurwiel. My foon vibreer in my hand.

'n Boodskap van Nadia: "Wa j???"

My vingers vlieg oor die sleutelbord: "Opad. kry ju 7:20 b di grage m my nwe ride." 6:48 lees die tyd langs my antwoord. Ek soek deur die kontakte op my foon; stop by "N".

"Weet jy watter dag dit is, Pa?" vra ek sonder om my oë van die selfoonskerm af weg te skeur.

Pa frons. "Ja, dis Donderdag," sê hy. "Hoekom?"

Ek ignoreer sy vraende blik; hou aan staar na die name op die skerm. 'n Motorfiets kruis die interseksie. Dis 'n Kawasaki – 'n ouerige model in goeie kondisie. Die motorfiets stop in die middel van die kruising. Wag vir 'n gaping in die stroom. Kry dit en draai af tot in die veld langs die interseksie. Die motorfietsbestuurder haal 'n foon uit sy sak en begin tik. Hou die foon teen sy oor, tik weer. Hy herhaal die aksie 'n paar keer. Ek skakel die motorradio af en maak my venster op 'n skreef oop. 'n Sementvragmotor draai oor die interseksie. Motors vleg om hom. Uit die hoek van my oog sien ek 'n 4x4 vinnig naderkom en 'n Vespa-bromponie skuins agter hom. 'n Kansvatter. Die verkeerslig is rooi vir hul baan, maar dit lyk nie asof die 4x4 van plan is om te stop nie. 6:49. 'n Gaping in die stroom motors gee vir die vragmotor geleentheid om die kruising oor te steek – net toe die 4x4 teen die rooi lig deurskiet met die Vespa aan sy sy.

6:50.

Die slag van die impak is oorverdowend. Die 4x4 se remme skree blou moord. Die geluid van 'n groot motor se neus wat kontak maak met die groter, swaarder vragmotor. Die geluid van 'n liggaam wat deur die lug trek en met 'n siek, dowwe slag op die teerpad te lande kom. Ek druk langs die naam op my selfoonskerm – "Nooddienste". Hou die foon teen my oor. Dit lui drie maal. Die tannie wat aan die anderkant optel, praat deur 'n toe neus.

"Please state the reason for your call?"

Ek hou die foon uit na Pa. "Praat", sê ek kortaf.

"Wa-?" vra hy verbaas.

Ek gryp Pa se waterbottel en klim uit die motor sonder om te antwoord. Ek skuif my baadjie se moue op terwyl ek na die middel van die interseksie draf. Daar is 'n gat in die 4x4 se voorruit. Geen bestuurder agter die wiel nie.

Versigtig trap ek oor die skerwe glas. Daar trek rook by die vragmotor se enjin uit. 'n Blink, bles voorkop is al wat sigbaar is van die bestuurder. Die res van sy gesig is weggesteek agter 'n ontplooide lugsak. 'n Ent weg lê 'n man op die teerpad. Bloed stroom uit 'n wond aan sy kop. Hy maak hulpelose geluide. Ek hurk langs hom. Onder my skoolrompie rus my knie liggies op sy lugpyp. Ek voel sy polsslag. Leun vorentoe en staar in sy swart oë in.

Die man snak na sy asem.

"Wat was die laaste ding wat sy gesien het voor sy dood is?" sis ek. Hy roggel net.

Dan leun ek met my volle gewig op my knie. "Ek is die laaste ding wat jy ooit sal sien."

Die gorrelgeluide word meer dringend.

"Ek. Kan. Jou. Nie. Hoor. Nie." Met elke woord druk ek my knie verder en verder af. Die man se lyf ruk. Dan rol sy oë om. Dis stil.

Ek skroef die waterbottel se dop af en neem 'n groot sluk. Dan gooi ek die res van die water oor die wond. Klippies en bloed spoel teen sy slaap af. 'n Ambulanssirene loei in die straat af. Om my is daar chaos. Ek hoor mense skree. 'n Motorfiets trek weg. Pa en twee paramedici kom nader gedraf. Ek loop 'n ent weg tot in die veld terwyl hulle die man stabiliseer. 'n Ronde voorwerp verder weg trek my aandag. Ek stap nader en tel dit op – 'n valhelm. 'n Jong paramedikus kom staan 'n ent agter my. Met die helm in my hande draai ek na hom. "Trainee" sê sy naamplaatjie.

"Vang", sê ek en gooi die pletterpet in sy rigting. Hy weeg dit in sy hande. Dis swaarder as 'n normale helm. Dan lig hy die skerm op en word spierwit.

"Die res van hom lê daar oorkant", sê ek in die verbystap waar die arme groentjie hande op die knieë vooroor gebuig staan. Ek glimlag stil en loop motor toe.

Poort-Skryfkompetisie 2017 (vervolg)

Pa hurk steeds by die 4x4-bestuurder. Ek klim in die motor en glimlag breed wanneer ek die motorsleutels in die aansitter sien. Die enjin luier steeds saggies. Ek skuif oor na die bestuurders-kant en wissel ratte. Ek maak 'n u-draai en trap die petrol plat. Pa kyk verdwaas op wanneer hy sy motor hoor wegtrek. Ek grinnik, sit die motor in derde en verdwyn om die draai. Dis jammer Pa het selde of nooit meer as 80 km/h gery nie. Hierdie masjien is ontwerp vir spoed.

'n Skril klank laat my skrik. Ek hou in 'n systraatjie stil en ruk die paneelkissie oop. My foon se skerm glim in die donker kompartement. Dankie, liewe Pa, wat altyd alles bêre waar dit hoort. Ek staar na die foto op my skermagtergrond. Sy glimlag vir my. Ek pluk vererg 'n swartsak onder die passasiersitplek uit en begin die motor binne skoonmaak. CD's, pamflette, Pa se skootrekenaar en aktetas gooi ek in die sak. 'n Motorfiets stop agter die Audi. 'n Kawasaki – ouerige model in goeie kondisie. Die bestuurder klim van die motorfiets af. Max.

Hy loop om die motor. Steek 'n sigaret aan en leun teen die Audi se neus. Ek kom staan langs hom, arms gevou. Die jakarandabome strooi hul pers blomme om ons soos konfetti.

"Jy's crazy." Die rook dans om sy gesig soos hy uitblaas.

"Ek kry altyd wat ek wil hê", antwoord ek stroef. Ek klim van die motor se neus af en loop om.

"Twee mense is dood as gevolg van jou. En vir wat?" Max loop agter my aan.

"Jy is nie onskuldig nie, Maxie-boy," sing-praat ek terwyl ek die kattebak oopruk.

"Ek verstaan anyway nie hoekom jy 'n ongeluk ingewerk het nie. Kon jy hom nie net skiet nie?" Max slaan vererg teen die windskerm.

"Ag, almal hou van 'n bietjie drama. En ek love 'n audience. Weerwraak is soveel soeter as daar toeskouers is. Dis jammer van die Vespa-outjie. Dom kansvatter. Jou lorriedrywer gaan fine wees. Dalk 'n gebreekte neus. Maar die 4x4 … ek en jy weet albei dat Dolf van der Weste nie destyds verdien het om skotvry daarvan af te kom nie. Die aand toe my ma deur sy motor se voorruit geslinger is, het hy 'n kontrak met die duiwel geteken." Ek gooi my skooltas oor my skouer en haal my valhelm uit my sportsak. Ek druk dit oor my kop en maak die gespe vas.

"Daar's genoeg juice in om jou en jou maatjie tot by die lughawe te kry." Max beduie in die rigting van die Kawasaki.

Ek gee hom 'n klapsoen. "Ek moet gaan. Die Audi is joune. Jy't omtrent twee ure voor die polisie die motor begin soek," sê ek en druk die sleutels in sy hand. Ek swaai my een been oor die motorfiets.

"Waarheen gaan jy, Meisie Botha?" vra Max met 'n plooi tussen sy oë.

Ek lag bitter. "Jy's 'n hacker. Kom soek my."

My selfoon lui. Dis Nadia. Die digitale horlosie op my foon wys 7:15. Ek toets die motorfiets se krag en trek weg.

Ek kyk nie weer om nie.

Die ATKV-SA Akademie-prys

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel 'n jaarlikse prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in die betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het, dus R10 000 per artikel. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns koördineer die keuringsproses. Gedurende 2016 is die beste artikels wat in 2015 verskyn het en deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê is, beoordeel.

Die pryswenners is in Desember 2016 aangewys en die pryse word vanjaar by verskillende geleenthede aan hulle oorhandig:

Geesteswetenskappe

- **Prof. Adéle Nel**, Vakgroep Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus), vir haar artikel *Spel en die spelende mens in "Die sneeuslaper" (Marlene van Niekerk), "Klimtol" (Etienne van Heerden) en "Wolf, Wolf" (Eben Venter)*, wat by LitNet Akademies, 12 (1), April 2015, verskyn het.
- **Prof. Nerina Bosman**, Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, vir haar artikel *EET en DRINK in Afrikaans – 'n leksikaal-semantiese ondersoek*, wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55 (1), Maart 2015, verskyn het.
- **Prof. Andries G. van Aarde**, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria vir sy artikel *Vredemakers as kinders van God (Matt 5:9): 'n Pragmaties-linguïstiese lesing*, wat in *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 71 (1), 2015 verskyn het.
- **Prof. Ernest van Eck**, Faktulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, vir sy artikel *Die gelykenisse van Jesus: Allegorieë of simbole van sosiale transformasie?*, wat in *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies*, 71 (3), 2015 verskyn het.
  Die prys word gedeel met **prof. Willie Burger**, hoof van die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, vir sy artikel *Historiese korrektheid en historiese fiksie: 'n respons*, wat in *Tydskrif vir Letterkunde*, 52 (2), 2015 verskyn het.

Natuurwetenskappe

- **Proff. Adriaan J. Reinecke** en **Sophia A. Reinecke** en **me. Mia van Wyk**, Departement Plant- en Dierkunde, Universiteit Stellenbosch, vir hulle artikel *Kan die gevoeligheid van grondlewende organismes bydra om die volhoubaarheid van landbewerking van olieraffinadery-afval te beoordeel?*, wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 34 (1), 2015, verskyn het.
- **Prof. Peet du Toit, dr. Nicoleen Coetzee, prof. Ernst Krüger** (intussen oorlede)**, prof. Ronél Ferreira, me. Evangeline Nortje** en **prof. William Fraser** van die Universiteit van Pretoria en **mev. Elizabeth Rudolph** en **prof. Yvonne Joubert**, Unisa, vir hulle artikel *Kardiovaskulêre-gesondheidsrisiko onder universiteitstudente in Suid-Afrika*, wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 34 (1), 2015, verskyn het.

Dink of Sink-universiteitedebatskompetisie

Die naweek van 13 tot 15 April 2017 het die Afrikaanse Gemeenskaps- en Debataksie (AGENDA) die eerste jaarlikse *Dink of Sink*-universiteitedebatskompetisie in Pretoria aangebied. Vyftien spanne van agt universiteite het deelgeneem aan die kompetisie wat deur AfriForum befonds is.

AGENDA is 'n uitvloeisel van die UP Debatsvereniging, die Universiteit van Pretoria se eerste en enigste Afrikaanse debatsvereniging, wat in 2015 met die hulp en ondersteuning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns gestig is.

Die SA Akademie het vanjaar die prys geborg vir die spreker wat die beste navorsingsvermoë gedurende die kompetisie getoon het. Hierdie prys is toegeken aan een van die Universiteit Stellenbosch se sprekers, Carl Thomas, wat 'n gemiddelde navorsingspunt van 83% deur die hele kompetisie gehandhaaf het.

Verder het die SA Akademie ook die vervoerkoste van die span van die Universiteit van Wes-Kaapland geborg. UWK het in 2012 vir die eerste keer aan die destydse Afrikaanse Universiteitedebat begin deelneem. In die *Dink of Sink*-universiteitedebatskompetisie is UWK aangewys as die wenners van die plaatfinaal, en het hul tweede span na die kwarteindronde van die kompetisie deurgedring.

Die Universiteit van Pretoria was die algehele wenners van die kompetisie nadat twee van die Universiteit se spanne in die finaal teen mekaar meegeding het.




V.l.n.r.: *Carien Bloem (Projekkoördineerder: Onderwys, AfriForum), Carl Thomas (student aan die Universiteit van Stellenbosch en wenner van die SA Akademieprys vir die beste navorsing) en dr. Pieter Möller (hoofbeoordelaar en afgetrede senior lektor aan die Noordwes-Universiteit)*

Ons praat Afrikaans

Besit die pragtige beste foto's van die fotokompetisie vir die boek *Ons praat AFRIKAANS – diverse mense – een taal*.

Ons praat Afrikaans is meer as net nog 'n fotoboek: dit is die eindproduk van 'n projek wat sy ontstaan gehad het in een individu se liefde vir die Afrikaanse kultuur en taal, Douw Greeff. Die projek is in 2016 begin toe fotograwe (amateur en ook professioneel) werke ingeskryf het wat hulle gemeen het die Afrikaanse kultuur en taal raakvat. Die topfoto's het deurgegaan na 'n beoordelingsrondte, waarin 'n paneel die beste foto's gekies het om in hierdie pragpublikasie op te neem.



***Ons praat Afrikaans* is beskikbaar teen R265 (plus R50 posgeld).**

Kontak Hanlie Willemse by finansies@akademie.co.za of tel. 086 133 3786 vir meer inligting.

Geskiedenisberaad 2017

Die jaarlikse Geskiedenisberaad wat deur die Geskiedeniskommissie van die SA Akademie aangebied word, het onder leiding van prof. Fransjohan Pretorius op Vrydag 27 Januarie 2017 by die SAOU in Pretoria plaasgevind en is baie goed bygewoon. Die tema was *Waternood – is dit ons langtermynvoorland?* Die Akademie se historici leef nie net in die verlede nie; hulle is ook op die voorpunt van die jongste gebeure.

Water en die jongste Suid-Afrikaanse droogtetoestand is tydens die jaarlikse beraad van die Akademie se Geskiedeniskommissie bespreek. Twee senior bestuurders van die Departement van Water en Sanitasie en twee wetenskaplikes het hulle indrukke met 'n groep van sowat 50 belangstellendes gedeel.

Mnr. Fred van Zyl, direkteur van water makrobeplanning by die Departement, het benadruk dat Suid-Afrika 'n waterarm land is. Terwyl ons land onder die 30 droogste lande ter wêreld gereken word, moet ons heelwat meer kreatief na oplossings vir die land se waternood soek.

Hy het gewaarsku dat die toestand van watertekorte in die toekoms meer intens en kompleks gaan raak. Gevolglik moet vermorsing voorkom word. Daar is benadruk dat die grootste deel van die bevolking van die land in Gauteng woon en dat die nood die grootste in dié landstreek gaan wees.

Me. Isa Thompson, hoofingenieur: nasionale waterbronbeplanning, het vanuit 'n historiese perspektief die ontwikkeling van Suid-Afrika se waterinfrastruktuur bespreek en benadruk dat daar groot tekorte bestaan aan die nodige menslike hulpbronne om bestaande infrastruktuur in stand te hou. Sy is ook aan die stuur van waterbeplanning in die Wes- en Oos-Kaap en het haar kommer uitgespreek oor moontlike waterskaarste voor die winterreënvalseisoen.

Klimaatsverandering het ook tydens die beraad ter sprake gekom. Prof. François Engelbrecht van die WNNR en NWU het aan die hand van die jongste navorsing verduidelik dat klimaatsverandering heelwat meer omvangryk is as wat voorheen aanvaar is. Tot onlangs is gereken dat dit teen die einde van die 21e eeu in Suider-Afrika 4 grade Celsius warmer as tans gaan wees. Die jongste modelleringstudies dui daarop dat, as stappe nie gedoen word om die vlak van kweekhuisgasse en koolstof in die atmosfeer te verminder nie, die gemiddelde temperatuur teen die einde van die eeu met 4 grade Celsius sal gestyg het. Dit hou groot gevolge vir die wateromgewing in Suider-Afrika in.

Martin Ginster, 'n senior nagraadse student aan die NWU, het gewaarsku dat die bestaande wateroordragskemas wat in Suid-Afrika gebruik word, weens voortgesette klimaatsverandering, bevolkingsgroei en toenemende ontwikkeling nouliks in die vraag na water sal kan voorsien. Daar sal meer nougeset met water te werk gegaan moet word; beplanning en instandhouding is van kardinale belang.

Prof. Johann Tempelhoff
Ondervoorsitter: Geskiedeniskommissie van die SA Akademie

Die Taalkommissie vergader

Die eindredaksie van die Taalkommissie het vir oulaas (voor die verskyning van die volgende *AWS*) van 3 tot 7 April in Stellenbosch vergader. Die eindredaksie bestaan uit Sophia Kapp, Frikkie Lombard, Phillip Louw, Jana Luther, Suléne Pilon en Gerhard van Huyssteen.



Dit was egter nie eintlik 'n "vergadering" nie, aangesien die ses lede van die eindredaksie deur die allemintige 782 bladsye van die nuwe *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, wat later vanjaar verskyn, moes lees om vir oulaas inhoudelike foute uit die weg te ruim en ook om te soek na drukkersduiwels wat in die bladuitlegproses ingeglip het. Vir die grootste gedeelte van die sitting het elkeen dus in sy of haar eie hoekie gesit en 'n deel van die bladproewe geproeflees. Dit was egter wel nodig om die een en ander inhoudelike sake, soos twee reëls met betrekking tot samestellings met "nie" as eerste lid wat mekaar oënskynlik weerspreek het, te bespreek en uit te klaar. Ná afloop van hierdie sitting is die 2017-*AWS* deur drie proeflesers (van wie twee oud-Taalkommissielede is) en deur die eindredaksie gefynkam vir foute en ons kan met genoegdoening sê: "Ons werk aan die boek is klaar" (alhoewel een of twee van die eindredaksielede weer na die volgende stel proewe sal moet kyk om seker te maak dat die veranderinge wat voorgestel is, korrek geïmplementeer is). Ons sien baie daarna uit om die elfde uitgawe van die *AWS* teen die middel van Julie in die winkels te sien.

Die Nkhoma-Universiteit in Malawi gaan van krag tot krag

Ongeveer twee jaar gelede is in hierdie mondstuk van die SA Akademie berig oor die totstandkoming van die Nkhoma Christelike (en Private) Universiteit in Malawi in die middel van 2013, en wel met sy 54 studente in vier fakulteite, nl. Opvoedkunde, Verpleegkunde, Teologie en Ekonomie. Ons is nou 3½ jaar verder en ons staan tans op 920 studente!

Sonder om op te veel besonderhede in te gaan en ook sonder om 'n lang uitgerekte verhaal daarvan te maak, wil ek eintlik maar net enkele hoogtepunte maar ook uitdagings uitlig:

- Die universiteit se sentrale ligging in Malawi – 50 km suidoos van die hoofstad Lilongwe – is 'n belangrike motiverende en demografiese faktor in die groei van hierdie instelling. Daarbenewens is die universiteit begin deur die tweede grootste kerk in Malawi naas die Rooms Katolieke Kerk, nl. die Church of Central Africa Presbyterian (CCAP), wat 'n sterk etos en goeie sin vir waardes inhou.
- Die universiteit beskik oor redelike infrastruktuur en wel in die sin dat ons bevoorreg is om gebruik te kan maak van reeds bestaande en historiese fasiliteite wat vroeër veral gebruik is vir opleiding vir Teologie- en Verpleegkundediplomas. Aan die ander kant bly die koste van die voorsiening van genoegsame infrastruktuur en van inligtingstegnologie en onderrigapparaat (as daar bv. geen

owerheidsubsidie beskikbaar is nie), ook nie net 'n eenvoudige saak nie. Finansies vir die voortgang van die universiteit bly eintlik dus die grootste uitdaging.

- Die universiteit beskik oor besondere en baie prominente Raadslede, insluitende sake-, professionele-, gemeenskaps- en kerkleiers. Verder het ons 'n baie bekwame Registrateur en 'n komponent van ongeveer 33 voltydse en 12 deeltydse dosente.
- Die universiteit beskik oor vier afsonderlike kleiner biblioteke wat by elk van die fakulteite gesetel is: meer en nuwer boeke en tydskrifte asook internet-toegang tot meer tydskrifte bly steeds 'n uitdaging.
- Die universiteit het reeds twee eredoktorate toegeken: die eerste een was aan dr. Christo Wiese, die voorsitter van Shoprite/Pepkor. Laasgenoemde het ons bygestaan met die restourasie van die Opvoedkunde-lesingkompleks, wat in groot mate die behoeftes van hierdie snelgroeiende Fakulteit bevredig. Die tweede eredoktoraat was aan me. Anna-Marie de Klerk wat die grootste deel van haar lewe aan die opheffing van Malawiese vroue en kinders gewy het. Sy is een van die mees hoog-gewaardeerde mense in die hele Malawi. 'n Derde en vierde eredoktoraat word nou in Augustus aan prof. Gerald Pillay, vorige departementshoof in Teologie by Unisa en die huidige Rektor van die Liverpool Hope Universiteit in Engeland, asook aan 'n prominente Malawiër verleen.
- Die universiteit vind dit van die uiterste belang om hoë standaarde te probeer handhaaf. In so 'n arm land met sy min grondstowwe en uitvoerprodukte is die onderwyssisteem ook op laer vlakke natuurlik nie altyd baie goed nie, en dit maak die uitdaging van die handhawing van standaarde op universiteitsvlak des te moeiliker.
- Die universiteit is reeds deur die National Commission for Higher Education (NCHE) geakkrediteer as 'n volwaardige universiteit. Intussen word daar ook in Mei 'n interne evalueringsprogram van stapel gestuur om gereed te maak vir verdere eksterne evalueringsprosesse. Verder beklee hierdie universiteit reeds ná slegs drie jaar die sewende posisie uit 28 owerheids- en private universiteite in Malawi, aldus een van die peilingsorganisasies.
- Die universiteit lê hom tans veral toe op onderrig en gemeenskapsdiens. Intussen word basiese navorsing egter nie verwaarloos nie en die meeste van die dosente is tans met hul eie M- en PhD-studies besig. 'n Eerste klein akademiese tydskrif van die universiteit sien juis in Mei vanjaar die lig.
- Ten slotte beskik die universiteit oor 'n klein museum wat deur die CCAP-kerk aan die universiteit oorgemaak is. In hierdie museum word baie ou en waardevolle artefakte uit die lang sending-en kerkgeskiedenis van Nkhoma en die Nkhoma-Streeksinode bewaar. Verder sal 'n deel van die museumgebou ook 'n klein en afwisselende kunsuitstalling van veral plaaslike kuns huisves, asook die Sentrums vir Mondelinge Geskiedenis, vir Inligtingsetiek en vir Omgewingsbewaring. Uiteindelik sal hierdie museum ook deel uitmaak van 'n ekotoerismeroete vir binne- en buitelandse toeriste.

In die geheel gesien dus baie om voor dankbaar te wees. Terselfdertyd is dit ook 'n waardevolle ervaring en oefening om verder na te dink oor die moontlikheid van een of twee hoogstaande private universiteite in Suid-Afrika. Indien daar enige navrae sou wees, is u welkom om met my te korrespondeer by linhof@mweb.co.za of my te skakel by 082 452 7778.

Prof. J.W. (Hoffie) Hofmeyr, Visekanselier en Rektor van die Nkhoma-Universiteit, Malawi

Afrikaanse Wikipedia-projek in 2017

Soos u dalk onthou, het ons in 2016 gereelde maandelikse byeenkomste in Pretoria gehad waartydens ons liefhebbers van Afrikaans touwys gemaak het oor hoe om op die regte manier tot die Afrikaanse Wikipedia by te dra. Nou is 2017 al 'n entjie op pad – wat is die vooruitsigte vir hierdie jaar? In 'n neutedop: Die Akademie se Afrikaanse Wikipedia-projek het 2017 op 'n hoë noot afgeskop met 'n besoek in Januarie aan die Waverley-Leeskring – juis omdat leeskringe so 'n sentrale rol speel in die Afrikaanse leeskultuur. Ons is ook uitgenooi om op 20 Julie as deel van die Vrystaat-Literatuurfees in Bloemfontein 'n Wikipedia-werkwinkel aan te bied. Verder is daar enkele werkwinkels in Pretoria in die vooruitsig, te wete op 13 Junie, 16 Augustus en 19 Oktober. Meer inligting sal binnekort op die SAAWK-webblad beskikbaar wees.

Soos ek in my artikel[1] uitwys, is Wikipedia die grootste, vrye-inhoud-, algemenekennis-, webgebaseerde ensiklopedie ooit. Dit staan ook sentraal in kennisvoorstelling en kennisonttrekking deur soekenjins in die kuberruimte. Dit bestaan tans vir 295 tale en bevat altesaam meer as 44 miljoen artikels. Die Afrikaanse Wikipedia het tans 44 462 artikels en is die 84ste grootste.

Vir Afrikaans om in die kuberruimte te floreer is 'n groeiende Afrikaanse Wikipedia van hoë gehalte noodsaaklik.

Wikipedia het sy eie etos wat ek nie hier volledig kan behandel nie[2]. Ek wil egter graag drie aspekte van Wikipedia uitlig. Eerstens is dit 'n *ensiklopedie* en as sodanig moet die artikels ensiklopedies van aard wees – feitelik korrek en neutraal, met die nodige verwysings, samehangend en in goeie, korrekte, idiomatiese Afrikaans. Tweedens is dit uiters belangrik om in gedagte te hou dat Wikipedia-inhoud beskikbaar is onder die sogenaamde Creative Commons Erkenning-InsgelyksDeel-*lisensie*[3]. Dit beteken onder andere dat 'n mens afstand doen van jou kopie- en outeursreg as jy 'n artikel in Wikipedia publiseer. Dit is dus belangrik om te verstaan dat 'n mens vir die liefde van die saak deelneem en nie vir jouself nie! Derdens is dit 'n gemeenskapsprojek en word mense normaalweg *nie betaal* om deel te neem en by te dra nie.


Ek wil ook graag 'n oomblik stilstaan by wat Wikipedia NIE is nie omdat daar steeds misverstande hieroor bestaan wat op die lange duur die Afrikaanse Wikipedia heelwat skade kan berokken. Wikipedia is nie 'n argief nie, dit is nie 'n reklamebladsy nie, dit is nie 'n korporatiewe of persoonlike webblad nie en bowenal is dit nie 'n stortingsterrein vir enige soort Afrikaanse tekste wat instansies of persone ook al beskikbaar stel nie. Al sou hierdie soort stof nuttig en selfs uniek wees, moet dit steeds eers tot *bona fide*- ensiklopediese artikels verwerk word voordat dit in Wikipedia gepubliseer kan word.

Dus is daar geen kortpaaie of kitsoplossings nie. Kundige Afrikaanssprekendes moet gewoon skouer aan die wiel sit en ensiklopediese artikels van hoë gehalte in Afrikaans skryf, vertaal en redigeer. As u 'n Akademielid of 'n liefhebber van Afrikaans is wat u kundigheid op hierdie manier wil deel, maak dit asseblief u erns en doen mee! Ons verneem graag van u. **Laurette Pretorius**

[1] L Pretorius. "Die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1), 2016.
[2] Besoek gerus https://af.wikipedia.org/wiki/Wikipedia:Gebruikersportaal
[3] https://en.wikipedia.org/wiki/Wikipedia:Text_of_Creative_Commons_Attribution-ShareAlike_3.0_Unported_License

Robbeneiland-brief

Hierdie historiese brief het Danie van Niekerk van Tafelberg-uitgewers ontvang nadat hy aan die skrywer daarvan 'n digbundel gestuur het. Mnr. Van Niekerk is 'n voormalige Hoofsekretaris van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns:



GEVANGENIS
ROBBENEILAND
ROBBEN ISLAND
PRISON

Robben-Eiland.
27 Februarie 1975.

Geagte Heer,

Graag wil ek u hartlik bedank vir die fraaie boekgeskenk wat ek vandag van u ontvang het.

D.J. Opperman se bloemlesings is van besondere waarde en ek waardeer hulle meer as wat ek in woorde kan stel. Die groot Verseboek bevat 'n omvattende aantal uitstaande gedigte van 'n substansiële deursnee van ons volk. Die biografiese besonderhede in die Junior- en Senior Verseboek gee 'n verteenwoordigende deursnee van die figure wat 'n belangrike rol gespeel het in die bou van die Afrikaanse literatuur. Miskien sal ek eendag die geleentheid kry om my dankbaarheid aan u te betuig.


In verband hiermee, wil ek graag noem dat ek baie verlangs my begeerte om Opperman se poësie te hê teenoor 'n voorstaande en welbekende figuur in ons land se openbare sake, bekend gemaak het. Miskien dra u daarvan kennis. As dit die geval is, mag ek u vra om my dankbaarheid aan hom oor te dra?

Die Uwe,
Nelson Mandela.
N. R. MANDELA.

10 MAR 1975
APSTAD

Die Bestuurder.
Tafelberg Uitgewers
Posbus 879
Waalstraat 28,
Kaapstad.

Afrikaans die eerste keer in hofstukke erken



Die aanloop tot die eerste keer dat Afrikaans in hofstukke in Pretoria gebruik is, maak vandag nog interessante leesstof. Hjalmar Reitz, seun van die voormalige president van die Vrystaat, F.W. Reitz, en broer van die ewe bekende Deneys Reitz, het in 1921 in Pretoria as prokureur gepraktiseer. Ene Van Vuuren het destyds in 'n siviele geding swaarde gekruis met 'n mnr. Mekesich. Toe die twee nie daarin kon slaag om in hul verskil tot 'n vergelyk te kom nie, het Van Vuuren sy prokureur, Hjalmar Reitz, opdrag gegee om Mekesich te dagvaar. By die opdrag was daar 'n stertjie. Die dagvaarding moes in Afrikaans wees. Reitz het 'n oomblik gedink en toe besluit dat daar niks onwettigs aan voldoening aan sy kliënt se versoek kan wees nie.

So gesê, so gemaak. Nadat hy die dokumente opgestel het, het hy eers sy klerk gevra om by die kantore van die SA Akademie 'n draai te maak. Die mense daar moes net seker maak dat daar nie dalk 'n taalfout in die stukke voorgekom het nie. Toe die Akademie Reitz verseker het dat sy werk taalkundig foutloos is, het hy die balju opdrag gegee om dit te bestel.


In die hof was Mekesich se prokureur, Harold Strange, dadelik op sy voete. Hy wou dat die saak uitgegooi word omdat 'n dagvaarding in Afrikaans nie deur die hof erken behoort te word nie. “Die wette van die ZAR is in Hollands opgestel, die grondwet wat in 1909 aanvaar is, maak dit duidelik dat daar net twee amptelike tale in die Unie van Suid-Afrika sal geld – Engels en Hollands. Ek sal toegee dat daar wel 'n geruime tyd Afrikaans in Pretoria gepraat word. Dit maak egter nie daarvan 'n amptelike taal nie, met respek, edelagbare.”

Strange het toe voortgegaan om op die gevare te wys as nie-amptelike tale in hofdokumente toegelaat sou word. "Geen Britse hof sal 'n dokument wat in Amerikaans opgestel is, aanvaar nie," het hy beweer. Strange moes Afrikaans goed verstaan het, want hy het in sy argumente gewys op die gebruik van die dubbele ontkenning in Afrikaans. Dié kon volgens hom groot verwarring veroorsaak.

Reitz het in sy repliek die hof versoek om gesonde verstand aan die dag te lê. "'n Dokument wat in Hooghollands opgestel is, sal nóg deur my geleerde vriend, nóg deur sy kliënt verstaan word. En met respek, edelagbare, waarskynlik ook nie deur u nie." Landdros McCormick het Reitz gelyk gegee en Strange se beswaar van die hand gewys. Die Engelse koerante het baie aandag aan die uitspraak gegee. Op Maandag 25 Februarie 1921 skryf 'n plaaslike Engelse koerant dat die uitspraak betreur moes word. As die howe 'n nie-amptelike taal soos Afrikaans sou aanvaar, wat dan van swart tale? As hierdie uitspraak nie herroep word nie, sou dit tot chaos lei."

Niks kon egter aan die feit verander word nie. Op 21 Februarie 1921 is Afrikaans vir die eerste keer in amptelike hofstukke in Pretoria erken.

Lappe Laubscher
***Beeld*, 12 April 2017**



Die groot verlies: Afrikaans as onderrigtaal aan universiteite

Met die aanvang van die akademiese jaar in 2017 verdwyn Afrikaans as onderrigtaal aan die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van die Vrystaat. Selfs hooggeregshofsake kon Afrikaans nie red nie. Die Universiteit Stellenbosch (US) implementeer ook vanaf 2017 sy nuwe taalbeleid nieteenstaande 'n hangende hooggeregshofaansoek deur die groep Gelyke Kanse, wat daarop aandring dat Afrikaans en Engels gelykberegtiging as onderrigtale moet ontvang. Adv. Jan Heunis SC lei hierdie hofaansoek, wat waarskynlik eers teen Maart vanjaar bereg sal word. Heunis is president van die US Konvokasie wat alle oudstudente van die Universiteit Stellenbosch verteenwoordig. By die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus, waar Afrikaanse onderrig onder meer deur uitstekende tolkdienste gehandhaaf word, bly die taalkwessie op die agenda.

Die jaar 2016 sal waarskynlik in die annale aangeteken word as die jaar van die student, maar veral die jaar waartydens die grootste aanslag ooit op Afrikaans as onderrigtaal aan die histories Afrikaanse universiteite gemaak is. Soos in die res van die wêreld is universiteite diep verweef in die Suid-Afrikaanse kulturele, maatskaplike en politieke samelewing. Enige aanslag op Suid-Afrikaanse universiteite in die algemeen en op Afrikaanse universiteite in die besonder het dus verreikende implikasies.

'n Knieval voor studente-eise

Die studenteproteste van *#RhodesMustFall* en *#FeesMustFall* het vinnig oorgespoel na eise vir afrikanisering en die wegdoen van Westerse gebruike en simbole. Die slagspreuk "Weg met Afrikaans" het spoedig weergalm, omdat aan feitlik al die eise toegegee is.

Die vloedgolf brande, vandalisme en ontwrigting het veroorsaak dat die besture en rade van universiteite voor die eise om Afrikaans as onderrigtaal af te skaf geswig het. By al drie universiteite is nooit gepleit dat Afrikaans die enigste onderrigtaal moet wees nie – slegs gelykberegtiging van Afrikaans en Engels met die ontwikkeling van 'n gepaste Afrikataal. Maar die damwal kon nie hou nie!

Dis veel meer as 'n onderrigtaal

Die Universiteit Stellenbosch (1866), die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (1869), die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1904), die Universiteit van Pretoria (1908) en die Randse Afrikaanse Universiteit (1957) is deur gemeenskappe tot stand gebring om in bepaalde behoeftes te voorsien. Met Afrikaans as onderrigtaal is die instellings oor dekades uitgebou en het hulle nasionale en internasionale status verwerf. Talentvolle dosente en studente het graag by hierdie instellings aangesluit; die studente het wêreldwyd presteer en die uitgangspunt dat Engels die enigste sleutel tot sukses is, is geloënstraf. Wetenskaplikes van aansien wêreldwyd het graag met die universiteite geassosieer en wetenskaplike samewerking van die hoogste gehalte het so tot stand gekom.

Oor baie jare is 'n bepaalde karakter, etos, trots en 'n sin van verbondenheid by dié universiteite geskep. 'n Effektiewe akademiese gemeenskap met 'n begrip van gedeelde waardes en 'n verbondenheid met die universiteit, dosente en studente het tot stand gekom. Die gemeenskappe wat met

behulp van die universiteite gevestig is en lojale, trotse oudstudente het volgehoue steun aan die instellings verleen.

Internasionale kundiges oor hoër onderwys wys daarop dat 'n effektiewe akademiese gemeenskap, soos wat voorheen by Afrikaanse universiteite maar ook by Kaapstad, Rhodes en Wits tot stand gekom het, die lewensbloed vir volgehoue wetenskaplike prestasie is. Hulle wys tereg daarop dat wanneer dié karakter te vinnig verander, 'n universiteit van sy beste dosente en studente verloor en die verlaging van standaarde hul voorland is. Dié tendense is reeds by Engelstalige universiteite sigbaar en sypel ook deur na Afrikaanstalige universiteite, waar talentvolle studente hulle visier op buitelandse studie instel.

Alhoewel die histories Afrikaanse universiteite Afrikaans as onderrigtaal gehad het, was hulle altyd inklusief en het plaaslike Engelstalige studente asook internasionale studente na die instellings gekom vanweë hulle akademiese status en aansien. Dit was trouens hierdie akademiese aansien, karakter en stabiliteit wat daartoe gelei het dat Engelstalige swart en wit studente, veral ná 1994, na Afrikaanse universiteite gestroom het.

Kan totale verengelsing waar wees?
Artikel 29(2) van die Grondwet bepaal dat elkeen die reg het om aan openbare onderwysinstellings onderrig te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar dit redelik doenlik is.

Hoe redelik doenlik is dit?
Volgens die 2011-bevolkingsensus is Afrikaans die huistaal van 6,8 miljoen mense of 13,5% van die totale bevolking. Afrikaans is die derde grootste huistaal ná Zoeloe (11,5 miljoen) en Xhosa (8,1 miljoen). Engels, met 4,8 miljoen huistaalsprekers, is die vierde grootste huistaal. Afrikaans is die huistaal van 75,8% van bruin mense en 60,8% van wit mense.

Indien die 2016-middeljaarraming (Statistieke Suid-Afrika) toegepas word, is daar 7,5 miljoen Afrikaanstalige mense van wie 3,6 miljoen bruin en 2,7 miljoen wit is. Daar dien op gelet te word dat Engels die huistaal van slegs 2,8% van die swart mense is. Dié feit en die gebrek aan moedertaalonderrig is van die belangrike redes waarom swart studente moeilik suksesvol aan Engelstalige universiteite studeer.

In die Wes-Kaap, as setel van die Universiteit Stellenbosch, is Afrikaans die huistaal van 49,7% van die inwoners. Engels is die huistaal van slegs 20,2% van die Wes-Kaapse mense. Daar is drie Engelstalige universiteite in die provinsie. Stellenbosch is afstandsgewys die voorkeuruniversiteit van Afrikaanstalige studente uit die Noord-Kaap waar 53% van die bevolking Afrikaanssprekend is.

In Gauteng, as setel van die Universiteit van Pretoria, is daar 1,7 miljoen Afrikaanssprekende mense en die universiteit is die logiese universiteit wat Afrikaanstalige studente uit provinsies soos Limpopo en Mpumalanga bedien. Vanweë sy sentrale ligging in Suid-Afrika was die Universiteit van die Vrystaat

Die groot verlies: Afrikaans as onderrigtaal aan universiteite (vervolg)

altyd 'n logiese keuse vir Afrikaanstalige studente omdat vervoerkoste toenemend 'n belangrike faktor word.

Tans studeer ongeveer 166 000 wit studente, van wie 85 000 Afrikaanstalig, en 70 000 bruin studente van wie 52 000 Afrikaanstalig is, aan die 26 universiteite. Altesaam is daar dus bykans 140 000 Afrikaanstalige studente – genoeg vir minstens vier universiteite. Tydens die toekenning van ’n eregraad aan hom deur die Universiteit Stellenbosch in 1996 het oudpresident Nelson Mandela gesê: “Dit moet sekerlik moontlik wees dat deur onderhandeling daar ten minste een universiteit moet wees waarvan die hooftaak die bevordering van Afrikaans as ’n akademiese medium sal wees.” Die Gerwel-komitee het in 2001 aanbeveel dat twee universiteite aangewys moet word met spesiale verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van Afrikaans as ’n akademiese medium.

'n Tekort aan vaardighede is een van die belangrikste redes wat in die pad van ekonomiese groei en werkskepping in 'n land met 8,4 miljoen werkloses staan. Buitelandse beleggers sonder vaardig-heidstekorte uit as van die belangrikste redes waarom nie in Suid-Afrika belê word nie. Kan die land derhalwe bekostig om leerders en studente deur taal te kortwiek om hulle volle potensiaal te verwesenlik?

Skoolhoofde van bruin Afrikaanse hoërskole in die Wes- en Noord-Kaap wys daarop dat hul matrikulante met Afrikaans as huistaal baie moeilik suksesvol aan Engelse universiteite studeer. Vir B-graadstudie is die uitsaksyfer van bruin studente byvoorbeeld 34% teenoor 24% van swart studente en 22% van wit studente. Die voorafgaande is waarskynlik die belangrikste rede waarom bruin mense van alle bevolkingsgroepe die laagste deelnamekoers aan hoër onderwys het. Die waarskynlike verengelsing van die Universiteit Stellenbosch sal derhalwe baie bruin studente geleenthede ontneem.

Die belangrikheid van moedertaalonderrig in akademiese prestasie kan nie betwis word nie. Van die 23 719 openbare skole in Suid-Afrika word Afrikaans by 10,4% onderrig. In die Wes-Kaap is 75,6% van die skole Afrikaans. Met die matriekeksamen in 2015 het Afrikaanse hoërskole ’n gemiddelde slaagsyfer van 93% (97% in die Wes-Kaap) behaal, teenoor die landsgemiddelde van 70,7%. Die net meer as 5% Afrikaanse hoërskole lewer 88% van die onderskeidings in wiskunde. Jaarliks slaag slegs 32 000 matrikulante wiskunde met meer as 60%. Vir wetenskap is die syfer 25 000. Afrikaanstalige studente presteer uitsonderlik goed op universiteit; ’n hoë persentasie sit hulle nagraadse studie voort en betaal hul rekeninge.

Tydens die eindeksamens aan die einde van 2016, waarvan ’n aantal tot die begin van 2017 uitgestel moes word, sal ongeveer 185 000 studente kwalifikasies verwerf. ’n Paar duisend studente sal egter weens ontwrigting nie hulle kwalifikasies verwerf nie. Die gekwalifiseerdes lewer ’n onskatbare toevoeging tot skaars vaardighede. Dit is egter ontstellend dat ’n onlangse opname getoon het dat 54% van die gegradueerdes tydelik of permanent hul heil in die buiteland wil gaan soek.

Die groot verlies: Afrikaans as onderrigtaal aan universiteite (vervolg)

Wat gebeur as Afrikaans as onderrigtaal verdwyn?
In bostaande is redes aangevoer dat die verengelsing van universiteite wit en veral bruin studente sal kortwiek om hulle volle potensiaal te verwesenlik.

Die bekende sosioloog prof. Lawrence Schlemmer het geskryf: "Die grootste gevaar vir Afrikaans is dat indien dit as universiteitstaal sou verswak of verdwyn, dit die ondergang sou beteken van Afrikaans as wetenskapstaal, as vaktaal, as taal van die intellektuele omgang en uiteindelik ook as letterkundige taal."

Ná 'n ontleding van die ontwikkeling van Afrikaans en die Afrikaners kom die gerespekteerde prof. Hermann Giliomee tot die volgende slotsom: "Gedurende die twintigste eeu het die opkoms van die Afrikaners as etniese groep en Afrikaans as publieke taal groot aandag in die Westerse wêreld getrek. Die kans dat albei in die een-en-twintigste eeu kan verdwyn, is nie meer vergesog nie."

Prof. Flip Smit
***Rapport,* 15 Januarie 2017**
[*Prof. Flip Smit is 'n navorser oor demografie en hoër onderwys en 'n Erelid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*.]

Johan Combrink-gedenklesing



***OOR AFRIKAANS* – gelewer deur Waldimar Pelser (redakteur van *Rapport*) op Donderdag 16 Februarie te Stellenbosch**

Die vraag oor Afrikaans se verlies aan status as universiteitstaal is lankal nie bloot hipoteties, 'n paranoïese sprong die distopiese donker in nie – ons is reeds amper daar. Waar Afrikaans nog in lesings aangebied word, beskou die meeste universiteitsowerhede dit as 'n tussentydse maatreël, 'n fraai verversingspos op pad na die eindbestemming van 'n eentaligheid wat hom voordoen as apolities, inklusief en 'n voldonge feit. Hemingway het gesê mense raak op twee maniere bankrot – geleidelik en dan skielik. So verskraal Afrikaans sedert 1994 in die openbare sfeer ondanks die beste bedoelings van die grondwetskrywers.

Wat dit moeilik maak om te aanvaar, is dat Afrikaans nie in die Wes-Kaap deur Xhosa of in Gauteng deur Zoeloe of Noord-Sotho verplaas word nie – dít sou 'n mens dalk as die volbloed-afrikanisering van die akademie kon weg-verduidelik, 'n dekolonisering waarvan Engels die noodwendige hoofteiken en Afrikaans die toevallige slagoffer sou wees; Afrikaans, die kreoolse, poreuse taal waarin verdrukking destyds gepromulgeer is maar waarin bruin en swart Afrikaanses en 'n paar wit mense ook weldra teen verdrukking gestry en gedig en gepreek het.

Johan Combrink-gedenklesing (vervolg)

Afrikaans word op kampusse verskraal ter wille van Engels, en dikwels 'n bra tweederangse Engels, selfs in die Wes-Kaap, waar Afrikaans die huistaal van 49% van die inwoners is. Maar belangrik soos dit is om na die stand van Afrikaans op kampusse te kyk, is dít nie die enigste aanduider van hoe dit met die taal gaan nie. Dankie tog daarvoor. Want nie alles word al hoe meer Engels nie. Daar waar sprekers van die taal uitgelos word deur die staat, skep hulle betekenisvolle inhoud en kuns in Afrikaans. Hul skeppings lok gehore, kykers en lesers, wat die ANC en die Twitterati ook al daaroor te sê mag hê. Die lyngrafiek wat die trajek van Afrikaanse kultuurgoedere karteer, is 'n weerbarstige statistiese uitskieter wat doodstydings oor Die Taal na goedkoop sensasie laat lyk.

In *By* skryf Nicol Stassen van Protea Boekhuis in Oktober verlede jaar dat Afrikaanse boeke markaandeel in Suid-Afrika wen. In 2004 was sowat 22% van plaaslik gepubliseerde boeke Afrikaans. Teen 2015 het dié syfer op 49% gestaan. In 2015 was al tien plaaslike topverkoperfiksieboeke in die land Afrikaans, net soos die toptien kinderboeke. Sowat 2 000 nuwe Afrikaanse gedrukte en e-boeke is in 2014 in Suid-Afrika gepubliseer, teenoor sowat 1 300 in Engels en 550 in die nege Afrikatale.

Ook Afrikaanse flieks floreer, ná 'n hele paar insinkings sedert die eerste Afrikaanse fliek oor *Die Voortrekkers* in 1916 uitgereik is. Tussen 1931 (*Sarie Marais*, die tweede fliek) en die blomtyd van die 1970's het in die meeste jare darem een of twee flieks verskyn. Maar in 1975 was daar 23 nuwes – 'n rekord wat steeds staan, skryf Leon van Nierop in sy boek *Daar doer in die fliek*. Die bodem het behoorlik in die laat 1980's uitgeval. In 1989, '95, '96, '98, '99, 2001, 2002 en 2005 is nie een Afrikaanse fliek vervaardig nie, volgens Van Nierop. Wie sou kon dink dat die tweede renaissance van die Afrikaanse fliek in 2007 sou aanbreek, die jaar toe Jacob Zuma president word van die ANC?

Twee Afrikaanse flieks is uitgereik in 2007, drie in 2008, vier in 2009, sewe in 2010 en 2011, agt in 2012, 15 in 2013, en 16 in sowel 2015 as 2016. 'n Nuwe asem terwyl fluisterstemme agter bak hande oor begrafnisreëlings praat. Zuma self het dalk niks hiermee te doen gehad nie, maar die departement van handel en nywerheid het sowat 'n derde van die produksiekoste van baie van hierdie Afrikaanse flieks gedra. Ook kykNET was natuurlik 'n belangrike borg en die Silwerskermfees het volop nuwe Afrikaanse fliektalent help slyp, en doen dit steeds.

Ook Afrikaanse teater floreer – nie net op die feeste nie – en word veel meer entoesiasties as Engelse teater ondersteun. Maar die feit dat dit nou goed gaan met die boeke en die flieks en die musiek en die TV, sê bitter min oor môre, soos wat die Kerskalkoen telkens nét te laat besef. Wat op skole en kampusse gebeur, sal noodwendig op die ou end op hierdie ander gebiede moet manifesteer. Van Afrikaans as onderrigtaal op universiteit is min oor. Met die aanvang van die akademiese jaar in 2017 verdwyn Afrikaans as onderrigtaal aan die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Suid-Afrika, skryf prof. Flip Smit op 15 Januarie 2017 in *Rapport*[4].

[4] Sien volledige berig op bl. 24 in hierdie Nuusbrief.

Johan Combrink-gedenklesing (vervolg)

Al is nêrens gevra dat Afrikaans die enigste onderrigtaal moet wees nie, is dié wat pleitbesorgers is en was vir taaldiversiteit sonder meer gebrandmerk as bewakers van wit opperheerskappy. In 'n land so divers soos ons s'n het die vegters vir eenselwigheid en eentaligheid tussen brandende geboue en verskrikte dosente tog hul sin gekry.

Dít selfs al is Afrikaans sowat 7,5 miljoen Suid-Afrikaners se huistaal, waarvan 3,6 miljoen bruin en 2,7 miljoen wit is. Dit is 13,5% van die bevolking. Afrikaans is die huistaal van 76% van bruin mense en 61% van wit mense. Engels, herinner Smit ons, is die huistaal van 2,8% van swart Suid-Afrikaners.

Sowat 140 000 Afrikaanse studente, van wie sowat 60% wit en 40% bruin is, studeer tans aan die land se 26 universiteite. Tog is daar van die wil om vir taaldiversiteit op kampusse te veg by universiteitsbesture bloot geen teken nie. In die skole gaan dit wel 'n bietjie beter, hoewel Engels ook daar veld wen.

Volgens dr. Jaco Deacon van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas) bied een uit elke tien skole onderrig in Afrikaans. Al hoe meer skakel wel na parallelmedium oor – iets wat natuurlik dikwels juis die behoud van 'n Afrikaanse stroom op skool kan help verseker deur leerlingtalle op te stoot. In die Wes-Kaap bied 75% van skole onderrig in Afrikaans, teenoor 12,5% in Gauteng en 14% in die Vrystaat. Syfers van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) wys voorts dat die helfte van bruin Afrikaanse leerlinge en 15% van wit Afrikaanse leerlinge deesdae in uitsluitlik Engelse skole is.

So ja, skole én universiteite verengels. Die groot verskil is dat alle residensiële universiteite staatsuniversiteite is, terwyl skole 'n groter mate van outonomie geniet en private skole oral opskiet. Daarom is die kans so skraal dat Afrikaans en die klimaat vir Afrikaans binnekort op kampusse sal verbeter – die afhanklikheid van (en gedienstigheid jeens) die staat is net te groot.

Die digter en aktivis Breyten Breytenbach noem dit wat by voorheen Afrikaanse universiteite, veral Stellenbosch, gebeur, "tekstuur-vernietigend en reaksionêr". Dis 'n "merker van radikaal teenstrydige sienings van wat 'n universiteit – in die Boland, in Suid-Afrika, in Afrika, in die wêreld – behoort te wees".

Hy vra: "Wie gaan baat by die uitsluiting wat die afskaling van Afrikaans beteken? Van wanneer af is dit 'n óf-óf-situasie?"

Hy betreur dit dat op Stellenbosch nie gehoor gegee word nie "aan die legitieme verwagtinge van hulle natuurlike en grotendeels plaaslike opvanggebied soos 'n mens dit van enige universiteit sou verwag wat ernstig is omtrent die dialektiek tussen plaaslike behoeftes en oorkoepelende doelwitte en waardes en moontlikhede".

Johan Combrink-gedenklesing (vervolg)

'n Verlies aan diversiteit benadeel almal. Taal is op soveel maniere deel van die volle uitlewing van ons "burgerskap en menswees". Taal is "lewende weefsel". So waarom word dié wat vir verdraagsaamheid jeens andersheid pleit, gemuilband? 'n Kollega sê dat om oor Afrikaans op staatsuniversiteite te kla bietjie is soos om langs jou bouvallige huis te staan nadat 'n tsoenami deur die dorp is en te sê: "Dit moes nie gebeur het nie." Maar dit het. Ons kan tog nie al ons energie daarin stort om Afrikaans op kampusse in stand te hou nie – dis 'n onbegonne taak. Hoe behoort ons te reageer?

Ons moet by die bedrywe leer wat so floreer. Dít wat Afrikaanssprekendes wil lees in Afrikaans, moet ons self skryf. Die klasse wat ons graag wil bywoon in Afrikaans, moet ons self aanbied. Óns moet die teaters volsit en die boeke en koerante koop. Óns moet verseker dat daar binne reikafstand van Afrikaanse kinders, bruin en wit, oor hierdie land heen goeie Afrikaanse skole is wat leerlinge lok, nie omdat die skool Afrikaans is nie, maar omdat dit die distrik se beste skool is. Ons moet belê in die opleiding van goeie onderwysers, sodat Afrikaanse kinders wat die skool verlaat, toegerus is vir die kennisekonomie. G'n mens sou die volslae privatisering van die Afrikaanse leefwêreld bepleit het as die regering erns met meertaligheid gemaak het nie.

Tog word "privatisering" en die "skep van 'n parallelle staat" plek-plek gekritiseer – net soos die pogings van pleitbesorgers vir die taal om teen die regering daaroor te litigeer. Dis verkeerd. Dit is eng en dogmaties om dié te kasty wat nog nie heeltemal opgegee het nie, wat die verbeelding en moed het om van die staat en die Grondwet nog iets te vra.


Sal dié wat oor inisiatiewe ten bate van Afrikaans gekant is, bereid wees om afstand te doen van hul mediese skema, ADT, Curro-skool, DStv of Netflix en te kyk hoe ver hulle kom as hulle net dít kry wat die staat vir hulle gee? Gesonde verstand moet dikteer dat die hofsake by Maties en Kovsies nie die enigste inisiatief durf wees om Afrikaans se legitieme aanspraak op ruimtes 'n werklikheid te maak nie, maar dit verdien ook nie veroordeling nie. Dis nie die Afrikaanses wat vir 'n plek vra wat onverdraagsaam is nie.

Kan Afrikaans floreer as hy sy status as universiteitstaal verloor? In baie ruimtes, natuurlik ja. Maar nie ten volle nie. Geen taal kan sy volle potensiaal bereik of aanhou verwesenlik as hy kunsmatig by die hekke van die akademie gestuit word nie. Dit is boonop moeilik om te sien hoe enigiemand daardeur bemagtig word. Dit sal slegs 'n verskraling eerder as 'n verruiming wees.

As dit is wat die politiek op die ou end onvermydelik maak, as genoegsame steun vir die saak en genoegsame veglus op die ou end afwesig is, sal Afrikaans natuurlik nie sterf nie. Maar regtig floreer?

As daar 'n wil is, miskien eendag weer.

F.W. de Klerk ontvang gesogte toekenning



Oudpresident F.W. de Klerk het op 18 Januarie 2017 die gesogte *Praeses Elit*-toekenning van die Prokureursorde van Trinity Kollege in Dublin ontvang. Die toekenning is deur Mary Robinson, die voormalige president van Ierland, ingestel om mense te vereer wat die regsdiskoers bevorder het deur uitnemendheid wat voorspraak vir en verbintenis tot sake betref.

In sy aanvaardingstoespraak het F.W. de Klerk die aanvaarding van nierassigheid en niediskriminasie beskryf as een van die belangrikste ontwikkelings in sosiale en politieke houdings gedurende die 20ste eeu. Hy het ook die uitwerking bespreek wat hierdie nuwe norme op Suid-Afrika gehad het, wat homself “gestrand en spartelend bevind het in die vasteland se laaste poel van wit heerskappy”.

Suid-Afrika was aan die verkeerde kant van die geskiedenis. Volgens De Klerk moes ons "die onaanvaarbare vooruitsig in die gesig staar dat die behoud van ons reg om oor onsself te regeer slegs verwesenlik kon word deur die swart meerderheid se ewe geldige reg op selfbeskikking te ontken. Ons het geweet dat hierdie roete onvermydelik sou lei tot 'n hopelose afwaartse spiraal van onderdrukking, onreg en konflik". Teen die einde van die 1980's het alle partye se aanvaarding dat daar nie 'n gewapende of revolusionêre uitkoms kon wees nie, en die ineenstorting van Sowjet-Kommunisme, 'n geleentheid daargestel vir omvattende grondwetlike onderhandelings.

Suid-Afrika se nuwe Grondwet aanvaar gelykheid en nierassigheid as grondliggende waardes en verbied onregverdige diskriminasie op 'n aantal gronde, met inbegrip van ras en geslag. Die Konstitusionele Hof het in 2004 bevind dat enige diskriminerende maatreëls om gelykheid te bevorder outomaties regverdig is. Nou lei die ANC se benadering tot demografiese verteenwoordiging egter tot 'n situasie waarin "die vooruitsigte van individuele Suid-Afrikaners weer eens bepaal sal word nie deur die inhoud van hul karakter nie – soos Martin Luther King dit gestel het – maar deur die kleur van hul vel."

Samelewings ondervind ook toenemende spanning tussen kulturele en godsdienstige vryheid aan die een kant, en norme van niediskriminasie aan die ander kant. Die Weste worstel met die vraag na hoe hy godsdienstige en kulturele praktyke kan aanpak wat openlik bots met die kernwaardes van gelykheid, vryheid en niediskriminasie.

De Klerk het tot die gevolgtrekking gekom dat die wêreld ten spyte van hierdie uitdagings 'n baie beter plek is as wat dit 'n honderd jaar gelede was. "Een van ons grootste prestasies is ongetwyfeld ons aanvaarding van die gelykheid van alle mense, ongeag ras, geslag, klas of geloof, en die verwerping van onregverdige diskriminasie op enige van hierdie gronde." Hy het gewaarsku dat "as gevolg van die merkwaardige en ontstellende ontwikkelings van 2016 in Brittanje, Europa en die Verenigde Nasies, die uitdaging vir alle mense van welwillendheid" sal wees "om hierdie ideale te verdedig en daarop te bou".

… oor babas?

Gedurende die maande Januarie tot April 2017 het die volgende wetenskaplike nuus oor vroeggebore babas en inenting in Nederland verskyn. Hier onder volg 'n kort oorsig in gedateerde kolparagrawe.

- **19 Januarie**: By 'n vroeggebore baba kan daar met breinskandering vasgestel word of hy of sy later probleme gaan ondervind met leer en beweging. Kanadese navorsers het in 'n artikel (gepubliseer in *Neurology* van 18 Januarie) geskryf dat dit in die MRI-skanderings sigbaar word as klein, puntvormige letseltjies in die wit stof in 'n bepaalde gedeelte van die brein. In dié wit stof lê die verbinding tussen die verskillende dele van die brein en die res van die liggaam. Babas wat tussen 24 en 32 weke gebore word, is veels te vroeg gebore. Hulle het 'n groot kans om later nie net leerprobleme te ontwikkel nie, maar ook taal- en gedragsprobleme. Daarby kom ook motoriese probleme wat kan wissel van fynere motoriek tot ernstige gestremdheid. Wim Köhler skryf in die *NRC-Handelsblad* dat bekende navorsing hieroor wat in Leiden (1983) op 1 300 broeikasbabas gedoen is, aansluit by bogenoemde uitslag. Destyds is 'n groep vroeggebore babas tot in hulle tienerjare gevolg. Teen hulle veertiende jaar was 25 persent in spesiale skole. "Om 'n breinskandering van 'n vroeggebore baba te doen, was jarelank moeilik en selfs riskant vir die baba," sê Manon Benders van die Wilhelmina Kinderziekenhuis in Utrecht. "Dit het makliker geword, omdat daar intussen spesiale broeikaste ontwerp is wat met baba en al in die MRI-skandeerder ingeskuif kan word."
- **11 Februarie:** 'n Baba wat in Nederland voor 24 weke gebore word, word in beginsel nie behandel nie, skryf Köhler nogmaals in die *NRC-Handelsblad*. Prof. Manon Benders, afdelingshoof van neonatologie, en haar span was betrokke by hierdie sensitiewe debat voordat die beslissing geneem is. Hulle gevolgtrekking? Die vooruitsigte van so 'n vroeggebore kind is te sleg met betrekking tot lewensgehalte. Vooruitsigte hang af van dinge soos geboortegewig en moontlike komplikasies tydens die bevalling, wat breinskade, oogafwykings, blywende asemhalingsprobleme en ernstige dermprobleme kan insluit. Te vroeg gebore babas ly omdat hulle in die neonatologiese intensiewesorgeenheid lê in plaas van veilig in hulle moeders se baarmoeders. Juis tussen 24 en 36 weke ontwikkel die brein op sy vinnigste. Dit groei dan van 'n gladde orgaan tot die gekronkelde struktuur wat ons almal ken. Juis in dié periode ontwikkel die breinselle en hulle onderlinge verbindings in 'n vinnige tempo. Hierdie broeikasbabas word onderwerp aan bloedtoetse en kry aarvoeding, wat hulle onderontwikkelde dermpies nie kan hanteer nie. Wanneer behandeling deur die uitskakeling van die asemhalingsapparaat gestaak word, sterf so 'n klein, kwesbare babatjie meestal vinnig. "Die moderne tegniek kan méér doen as wat ons kan doen", sê Benders. Volgens haar verskil die sorg vir vroeggebore babas in Nederland, Switserland, Londen en Los Angeles baie. In Nederland en Switserland word die ouers ingeroep. Die beperkte toekomsverwagtinge van die kind word bespreek en 'n staking van behandeling word voorgestel. In Londen en Los Angeles hou dokters langer aan om te behandel, totdat die kind self sterf. Dit hou dikwels verband met 'n mengsel van kultuur- en geloofsverskille.
- **6 Maart**: Foto's in koerante en op sosiale media van pasgebore babas met 'n te klein, misvorme skedel word dadelik herken as slagoffers van die zika virus. Voor hulle geboorte was hulle ma's al

besmet. Soos ebola is dit 'n baie gevaarlike infeksiesiekte. Die wêreld besef skielik hoe vinnig dit kan versprei – ook mense soos Bill Gates, volgens Karel Berkhout in die *NRC-Handelsblad*. Gates se betrokkenheid het daartoe gelei dat inentings nou vinniger ontwikkel word. Inenting is volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) 'n suksesvolle wapen. Die inentings wat die WGO aanraai, red jaarliks ongeveer drie miljoen kinders. Daarenteen kry een uit vyf kinders wêreldwyd geen inentings nie, omdat 'n land se gesondheidsorg swak is of omdat geld ontbreek. Twee miljoen kinders sterf jaarliks aan diarree en longontsteking. Die sukses van inentings word grotendeels bepaal deur die farmaseutiese firmas wat dit ontwikkel, registreer, produseer, versprei en uiteindelik teen 'n redelike prys verkoop. Met klein verbeterings kan hulle 'n reuse-invloed hê, byvoorbeeld om inentings te maak wat bestand is teen hoë temperature. Dan is daar nie meer yskaste daarvoor nodig nie. Die aantal kinders wat wêreldwyd teen DTP (difterie, tetanus, polio) ingeënt is, beloop 86%; teen masels 85%; teen hepatitis B 83% en teen tetanus 83%. Dit is die nuwere siektes waarvoor daar nog nie genoeg inentings bestaan nie.

- **18 Maart**: Rosanne Hertzberger is 33 jaar oud, ma van 'n seuntjie en 'n mikrobioloog van beroep. Sy neem die inentings wat hy moet kry, onder die vergrootglas in die *Wetenskapsbylae* van die *NRC-Handelsblad.* Hertzberger skryf onder andere dat haar seuntjie besmet sal word met die Enders-Edmonson-maselstam, wat in 1954 uit die bloed van die elfjarige David Edmonson geoes is. Edmonson is nou 74. Verlede jaar het die *Toronto Star* 'n onderhoud met Edmonson gepubliseer. Hy was die oorspronklike gasheer van die maselvirus wat nou wêreldwyd gebruik word om miljarde mense immuun te maak. Enders was die dokter. Vir 'n suksesvolle inenting moes die maselvirus eers in die laboratorium getem word. Om seker te maak dat die verswakte maselstam nie die een of ander vergiftigde reaksie veroorsaak nie, het die medewerkers van Enders dit eers op hulleself getoets. Riskant! "Dat was een nogal onschuldig gebeuren", reageer Samuel Katz. Hy was destyds een van die proefkonyne. Die opvolgtoets is op elf kinders in 'n nabygeleë inrigting vir kinders met 'n verstandelike beperking gedoen. Ook dít was suksesvol.
- **4 April:** Deur swanger vroue teen kinkhoes in te ent, word hulle babas in die eerste twee maande van hulle lewens teen dié gevaarlike infeksiesiekte beskerm. Beskerming blyk uit 'n omvangryke studie in Amerika wat op 3 April in die tydskrif *Pedriatics* gepubliseer is. Beskerming was 91,4 persent effektief. Die bevindinge stem ooreen met 'n soortgelyke ondersoek in Engeland, maar in Nederland word nog traag op hierdie inligting gereageer. Bekostigbaarheid en uitvoerbaarheid is die kwessies wat die ministersraad besig hou, terwyl die moederlike inentings teen kinkhoes reeds toegepas word in bogenoemde lande en ook in België. In Nederland word kinders sedert 1954 wel geënt met inspuitings waarin verskillende infeksiesiektes soos kinkhoes gekombineer word. Kinders moet vyf keer geënt word: op twee, drie, vier en elf maande en dan weer op vier jaar. Hierdie reeks inentings beskerm kinders nie lewenslank nie en daarom is die kinkhoesbakterie nog steeds gevaarlik. Sedert die negentigerjare van die vorige eeu het kinkhoes wêreldwyd weer begin toeneem – ook in Nederland.

Carina van der Walt – Tilburg, Nederland

Lede in die nuus



Prof. Peter E. Raper het op die konferensie van die American Name Society (ANS) en die Linguistic Society of America (LSA) van 5 tot 8 Januarie 2017 in Austin, Texas, 'n referaat gelewer getiteld *Multilingualism manifested in Southern African toponyms.*

Prof. Raper is genooi om as lid van die Wetenskaplike Komitee op te tree by die Pan-American International Symposium on Toponymy wat van 3 tot 5 Mei 2017 in Rio de Janeiro gehou word. Die simposium word gereël deur die gesamentlike Kommissie vir Toponimie van die Internasionale Geografiese Unie en die Internasionale Kartografiese Vereniging, die Federale Universiteit van Rio de Janeiro en die Brasiliaanse Instituut vir Geografie en Statistiek in samewerking met die Pan American Institute of Geography and History.

Prof. Raper sal ook optree as hoofspreker by die Internasionale Simposium oor Plekname, wat van 18 tot 20 September 2017 in Windhoek, Namibië, gehou word. Hierdie simposium word gereël deur die IGU/ICA Commission on Toponymy, die Universiteit van Namibië en die Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging van die Universiteit van die Vrystaat.

In samehang met die simposium word van 21 tot 23 September 2017 'n kursus getiteld Geografiese Name: Bestuur en Praktyk aangebied deur die Internasionale Konsortium van Universiteite vir Toponimiese Opvoeding (IKUTO). Die kursus is deur die UV geakkrediteer en geniet die ondersteuning van die VN se Groep Deskundiges oor Geografiese Name. Die kontakpersoon is Jani de Lange (delangejc@ufs.ac.za).

Navorsingspublikasies deur lede

Die SA Akademie se twee tydskrifte is elektronies beskikbaar by Sabinet. Vir Akademielede is daar gratis toegang, en lede kan die Akademiekantoor kontak vir die skakels, gebruikersnaam en wagwoord.

- **Botes, M & Wessels, A.** 2016. "Vroue se rol in laat negentiende-eeuse Bloemfontein". *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis / South African Journal for Cultural History* 30(2), Desember, pp. 84–109.
- **Bredenkamp, I. & Wessels, A.** 2015. "'n Historiese perspektief op die Kapelaansvrouekomitee, c. 1970–1990". *Journal for Contemporary History / Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 40(1), Junie, pp. 77–101.
- **Bredenkamp, I. & Wessels, A.** 2016. "Suid-Afrikaanse kapelaansvroue en die Grensoorlog (1966–1989): 'n gevallestudie van denominasionele pastorale versorging". *The Journal of Transdisciplinary Research in Southern Africa* 12(1), 3 Desember, pp. 1–11.

Navorsingspublikasies deur lede (vervolg)

- **Bredenkamp, I. & Wessels, A.** 2016. "Melita: die geskiedenis van die Rooikruishut te Voortrekkerhoogte tydens die Grensoorlog (1966–1989)". *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* / *South African Journal of Cultural History* 30(1), Julie, pp. 1–22.
- **De Bruin, J. & Wessels, A.** 2015. "Die oorlogsherinneringe van P.H. Roux: verontskuldiging of 'n juiste verklaring van die oorgawe in Junie 1900?". *LitNet Akademies* 12(1), April, pp. 152–179.
- **Duvenage, A.** 2016. "Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: Enkele strategiese perspektiewe." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-1), Desember, pp. 905–927.
- **Duvenage, P.** 2017. "Filosofie as aktualiteitsinterpretasie. Marinus Schoeman as denker." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(1), Maart, pp. 7–21.
- **Goosen, D.** 2016. "Wat is die universiteit? Gedagtes oor die gemeenskapsuniversiteit." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-1), Desember, pp. 980–997.
- **Groenewald, G. & Stell, G.** 2016. "'n Perseptuele verslag van Afrikaans in Namibië: Tussen lingua franca en sosiaal-eksklusiewe taal". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-2), Desember, pp. 1128–1148.
- **Heyns, M. & McCallaghan, S.** 2016. "Die verhouding tussen vertroue en diversiteitsklimaat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-1), Desember, pp. 1071–1088.
- **Heyns, M.** 2016. "Vryheid en idee: Beurtsang vir die universiteit". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-1), Desember, pp. 961–979.
- **Hofmeyr, B.** 2017. "'Ma, kan Ma dan nie sien dat ek aan die brand is nie?' Enkele opmerkings oor wat ons vandag is". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(1), Maart, pp. 114–125.
- **Meyer, S**. 2016. "Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n Ondersoek na *Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 1". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-2), Desember, pp. 1200–1212.
- **Meyer, S.** 2017. "Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n Ondersoek na *Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 2". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(1), Maart, pp. 154–167.
- **Rossouw, J.** 2017. "Onvervulbare verlange tussen tradisie en moderniteit: Orhan Pamuk se *The Museum of Innocence*". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(1), Maart, pp. 34–49.
- **Schoeman, M.** 2017. "Kritiese opmerkings oor ons tyd en sommige van sy gevaarlikste illusies." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(1), Maart, pp. 22–33.
- **Senekal, B.** 2017. "Die hedendaagse Afrikaanse poësiesisteem: Op soek na die mees verteenwoordigende wiskundige model van die rolspelerverhoudings daarbinne". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(1), Maart, pp. 168–186.
- **Smit, P.** 2016. "Die aard, wese en rol van die Suid-Afrikaanse universiteite in 'n ontwikkelende land". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-1), Desember, pp. 887–904.
- **Smith, S.** 2016. "'Landskapverinniging' as sentrale motief in die gedig 'tesis in gestapelde sillabeversteuring oor ingebedheid' in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-2), Desember, pp. 1213–1226.

Navorsingspublikasies deur lede (vervolg)

- **Strauss, D.F.M.** 2016. "Die geesteswetenskaplike agtergrond van die natuurwetenskappe". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-2), Desember, pp. 1165–1177.
- **Terblanche, O.** 2016. "Die Nederlandse akademiese boikot teen Suid-Afrika: 'n Ontleding". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-2), Desember, pp. 1113–1127.
- **Van Coller, H.** 2016. "Perspektiewe op Afrikaans as 'n taal vir universiteite". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-1), Desember, pp. 998–1015.
- **Van der Walt, H. & Wolhuter, C.** 2016. "Eerste taal as onderrigmedium in hoër onderwys: 'n Internasionale perspektief". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-1), Desember, pp. 1016–1033.
- **Van der Walt, H. & Steyn. H.** 2016. "Afrikaans as taal van onderrig en leer in skole en ander onderwysinstansies: 'Ou' wyn in nuwe sakke". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-1), Desember, pp. 1034–1047.
- **Venter, F.** 2016. "Transformasie en die universiteitswese". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4-1), Desember, pp. 946–960.
- **Weideman, A.** 2017. "Is die toegepaste taalkunde 'n onderdeel van die linguistiek?". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(1), Maart, pp. 137–153.
- **Wessels, A.** 2015. "Die Suid-Afrikaanse Vloot se sogenaamde omstrede nuwe fregatte: hulle eerste dekade van diens, 2004–2014". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 55(2), Junie 2015, pp. 270–288.

Interessante nuus: *TGW*

Die *TGW* tel onder die 10 mees gelese/gebruikte titels in die SciELO-versameling.

Benewens die *TGW*, is dit vir Afrikaans as wetenskapstaal goeie nuus dat PER (Potchefstroom Elektroniese Regsblad) 6de op die lys is – ek weet nie of hulle slegs in Afrikaans publiseer nie, maar ek vermoed van wel. HTS (Hervormde Teologiese Studies), 7de op die lys, het wel sy Afrikaanse titel behou, maar publiseer slegs 'n gedeelte van die artikels nog in Afrikaans.

Prof. Ina Wolfaardt, Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

Alle Akademielede word hartlik genooi om besonderhede van publikasies vir opname in dié rubriek aan die kantoor te stuur.

Nuwe lede

Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe

- Mnr. Nicolas J. Clarke, Utrecht, Nederland
- Prof. Andries W. Coetzee, Ann Arbor, Michigan
- Prof. Rinelle Evans, Pretoria
- Dr. Costa A. Georghiou, Johannesburg
- Prof. Dan J. Kriek, Pretoria
- Me. Aléta C. Michaletos-Botha, Pretoria
- Prof. S.R. Ponelis, Milwaukee, VSA
- Mnr. Daan G.C. Potgieter, Pretoria
- Prof. A. Yolanda Sadie, Johannesburg
- Dr. Conrad Steenkamp, Somerset-Wes
- Prof. Paul J.J. van Geest., Berkel en Rodenrijs, Nederland
- Dr. Christa J. van Staden, Roodepoort
- Mnr. R. van Wyk, Pretoria
- Mnr. Paul C. Venter, Jeffreysbaai
- Dr. Marlene Zwiegers, Kimberley

Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie:


- Mnr. C.R. Burger, Pretoria
- Mnr. Robert J. Czanik, Potchefstroom
- Dr. C.G. Kriek, Pretoria
- Prof. J.W. Proper, Poppel, België
- Mnr. T.D. (Tommie) van Zyl, Mooketsi, Limpopo
- Dr. W.M (Mike) Wannenburg, Pretoria

In memoriam – lede

- Dr. M.P. Beukes, Pretoria
- Dr. I.B. Deacon, Paarl
- Dr. L.C. Ferreira, Sedgefield
- Prof. J. Heidema, Pretoria
- Dr. T. King, Kaapstad
- Mnr. F.P. Kotzee, Pretoria
- Prof. I.J. van der Merwe, Stellenbosch
- Prof. C.B. van Wyk, Somerset-Wes

Ons eer hul nagedagtenis.

➢ Dr. I.B. Deacon †



Dr. Ivan Deacon (83), is op Maandag 26 Sepember 2016 ná 'n kort siekbed in sy huis in die Paarl oorlede.

Ivan Deacon was baie jare lank die bemarkingsdirekteur van die Stellenbosch Boerewynmakery. Hy was 'n drankwetkenner en het in 1980 sy doktorsgraad in die Ekonomie aan die US behaal met 'n tesis oor die struktuur van die drankbedryf in die tyd toe die Wyn van Oorsprong-stelsel ingevoer is.

Hy is in Wakkerstroom gebore en het gematrikuleer op Volksrust voordat hy aan die Universiteit van Pretoria 'n MSc- graad en 'n MBA behaal het. Sy loopbaan het by Yskor begin en later het hy hom in Durban by Lever Brothers aangesluit. In Londen het hy by Gallup Poll gewerk voordat hy in 1961 by SA Brouerye aangesluit het.

Ivan Deacon was een van die stigterslede van die SA Marknavorsingsvereniging. Hy is na Stellenbosch Boerewynmakery verplaas en was betrokke by die ontwikkeling van die wyn Lieberstein, wat 'n treffer was. Later is hy bevorder tot hoof van bemarking en was hy betrokke by die herstrukturering van die wynbedryf met die totstandkoming van Cape Wine.

In 1980 is Deacon na Johannesburg verplaas, waar hy tot met sy aftrede as besturende direkteur van die groothandel-drankverspreider, Henry Tayler & Ries, gedien het, waarna hy steeds as konsultant in die drankbedryf opgetree het.

In 2007 verhuis hy na die Paarl, waar hy hom in sy laaste jare as lid van die Drakenstein Erfenisstigting toegespits het op die bewaring en die vergroening van die Paarl en met die munisipaliteit saamgewerk het om die aanplant van akkerbome in Hoofstraat te bevorder, veral waar ouer bome tot niet is.

Hy word oorleef deur sy vrou Lida, kinders Julius en Mignon, en twee kleinkinders.

➢ Prof. J. Heidema †



Johannes Heidema is op 11 Februarie 2017 onverwags in sy huis in Pretoria oorlede. Hy laat sy dogter Helena, sy seun Hielke, en drie kleinkinders na.

Johannes was in Potchefstroom op skool en behaal die grade BSc (met wiskunde, fisika en teorie van statistiek as hoofvakke), Hons BSc (in wiskunde) en MSc (in wiskunde) aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir CHO voordat hy na Amsterdam vertrek, waar hy in 1964 'n doktorale eksamen in wiskunde en logika slaag. Hy voltooi sy DSc (in wiskunde) in 1966 aan die PU vir CHO.

Hulde: Akademielede (vervolg)

Hierna gee hy klas aan die destydse PU vir CHO (1965–1966), die destydse Universiteit van Port Elizabeth (1967–1969), die destydse RAU (1970–1991), waar hy die jongste professor in wiskunde was wat nog in Suid-Afrika aangestel is, en aan UNISA (1992–2006), waar hy vroeg in 2007 die status van emeritus ontvang. Ná sy aftrede stig hy 'n verskeidenheid van klein navorsingsgroepe en hou hy vol met die drie dinge waaraan hy hom die graagste toewy, naamlik "lees, dink en skryf".

Die belangstellingsvelde waarin Johannes gewerk en gepubliseer het, en ook aan studente leiding gegee het, sluit wiskunde, logika, rekenaarwetenskap, filosofie, kunsgeskiedenis en opvoedkundige wiskunde in. Sy taalbeheer was besonders en hy was 'n uitstekende skrywer. Hy was studieleier of medestudieleier vir 10 meesters- en 15 doktorale studente.

Buiten die talle gepubliseerde abstrakte vir konferensiebundels was hy die skrywer of mede-skrywer van meer as 90 referate wat in boeke en joernale gepubliseer is en van ten minste 35 navorsingsverslae. Hy was 'n gerespekteerde spreker by nasionale en internasionale kongresse. Ook was hy 'n lid, raadslid en redaksionele lid van 'n groot aantal wetenskaplike verenigings. Ongetwyfeld was hy een van Suid-Afrika se voorste intellektuele en laat hy 'n "akademiese familie" na in wie se denke hy sal voortleef; sy voormalige studente en kollegas sal sy visionêre leierskap onthou.

Alhoewel Johannes 'n inherent skaam persoon was, het sy vriende sy fyn humorsin en drie soorte van lag – droog, effens skaam en vrolik uitbundig – waardeer. Sy liefde vir klassieke musiek en kuns was deel van hom en hy het sy kennis, idees en gedagtes met alle belangstellendes gedeel.

(Verkorte, vertaalde verwerking van die huldiging deur Izak Broere en Emma Ruttkamp-Bloem)

➢ Dr. Tersia King †




Dr. Tersia King is op 4 Desember 2016 oorlede. Sy het in haar lewe verskeie akademiese poste beklee en 'n dinamiese rol in die openbare lewe gespeel. Tersia het haar doktorsgraad aan UNISA en haar MBA aan die destydse PU vir CHO behaal.

Van 1977 tot 1987 was sy 'n lid van Kempton Park se stadsraad en 'n parlementslid van 1987 tot 1999. Tersia was in 1993 by die KODESA-onderhandelinge in Kempton Park betrokke. Ook was sy by verskeie geleenthede deel van buitelandse afvaardigings, soos na New York, na die Europese parlement in Straatsburg, Duitsland, na Unesco in Parys, Frankryk, en ander.

Tersia het 1991 'n reuse aandeel gehad in die stigting van die Tersia King Academy, 'n privaat skool wat sy in Tembisa, Johannesburg, vir swart leerders begin het. Die matriekuitslae by dié skool is deurgaans uitmuntend. Ná haar uittrede uit die openbare lewe was sy die skoolhoof en het sonder salaris gewerk totdat swak gesondheid haar in 2013 gedwing het om af te tree.

Tersia King laat haar eggenote, Philipp Wagner, vier kinders en ses kleinkinders na.

➢ F.P. Kotzee †



Flores Petrus Kotzee (bekend as Floors of Florie) is op 27 Mei 1926 in die Reddersburg-distrik gebore. Hy matrikuleer in 1943.

In 1946 behaal hy 'n BSc-graad met ingenieursvakke aan die Universiteit van Stellenbosch en twee jaar later die graad BSc in Werktuigkundige Ingenieurswese. Hy was dus een van die eerste ingenieurs wat aan Stellenbosch afstudeer het. In 1960 behaal Floors 'n MBA aan die Universiteit van Pretoria (buitemuurs).

Op 4 Oktober 1949 trou hy met Naomi Botha van die Trompsburg-distrik. Hulle het vier seuns; Bielie, Louis, Willem en Gerhard. Naomi is in 2011 oorlede.

Ná voltooing van sy studie op Stellenbosch was hy 'n jaar lank in diens van die SA Spoorweë en daarna twee jaar lank by die destydse Departement van Landbou, waar hy verbonde was aan die Glen Landboukollege. Hierna was hy vyf jaar lank by Stewarts & Lloyds of SA werksaam, voordat hy in 1956 as bedryfsingenieur by Yskor indiens getree het.

Vir die volgende 24 jaar was hy onder meer beplanningsbestuurder, hoofwerkebestuurder van die Pretoriawerke, daarna die Newcastlewerke en uiteindelik hoofbestuurder van Yskor se Staaldivisie. Gedurende 1980 is hy aangestel as hoofbestuurder van Yskor en op 1 Maart 1982 as besturende direkteur. Floors word in 1984 voorsitter van Yskor se direksie en in Mei 1987 beëindig hy sy verbintenis met Yskor. Gedurende sy Yskorjare het Floors verskeie openbare poste in die staalbedryf beklee, waaronder president van die Federasie van Staal- en Ingenieursnywerhede van SA (SEIFSA) en direkteur van die International Iron and Steel Institute (IISI), as Suid-Afrika se verteenwoordiger. Hy is later verkies tot 'n eregenoot van die South African Institute for Industrial Engineering.

Ná sy verbintenis met Yskor was hy 'n direkteur van verskeie maatskappye, waaronder Rembrandt Beherende Beleggings, die Macsteel Holdings Group, die Atoomenergiekorporasie, Genkor, Samancor, Federale Mynbou, Nissan Magnis Holdings, Trust Bank, die Metkor Groep, Dorbyl, USKO, Air Products (SA), Rhoex en Rhovan, waarvan hy die laaste ses jaar die voorsitter was.

Floors was 'n lewenslange lid van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK). In 1964 verkies die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hom tot assesorlid in die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek.

Floors Kotzee is op 29 Januarie 2017 oorlede ná 'n twee maande lange siekbed. Hy word oorleef deur sy vier seuns, hulle gesinne en afstammelinge.

➢ Prof. Izak Johannes van der Merwe †



Prof. Izak van der Merwe is in November 2016 op die ouderdom van 75 jaar op Stellenbosch oorlede. Hy het in 1959 aan die Hoërskool Hottentots-Holland, Somerset-Wes, gematrikuleer, die grade BA (1962), Honneurs-BA (cum laude) (1963), MA (cum laude) (1967) en DPhil (1972) aan die Universiteit Stellenbosch verwerf.

Izak van der Merwe se akademiese loopbaan het in 1966 as lektor in die Departement Geografie aan die Universiteit Stellenbosch begin. Sy loopbaan het vinnig gevorder en hy het talle senior poste beklee, onder andere as direkteur van die nuutgestigte Instituut vir Kartografie in 1975, daarna as Voorsitter van die Departement Geografie en Omgewingstudie in 1994, en toe drie jaar later as Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Vyf jaar ná sy aftrede het die Universiteit Stellenbosch hom vir twee jaar aangestel as waarnemende Direkteur: Navorsing (Sosiale Wetenskappe).

Izak van der Merwe het diep spore in die Suid-Afrikaanse geografie getrap en was nasionaal en internasionaal 'n geëerde en gerespekteerde akademikus. Deur sy vernuwende denke het hy beslag gegee aan die Stedelike Geografie as 'n sub-dissipline aan Suid-Afrikaanse universiteite. Hy was veral bekend vir sy handboek *Die Stad en sy Omgewing*, wat in 1975 gepubliseer is en aan alle Afrikaanstalige universiteite gebruik is.

Uit sy pen het 62 navorsingsartikels in gerekende nasionale en internasionale wetenskaptydskrifte verskyn. Hy was as redakteur en/of outeur en mede-outeur ook betrokke by die publikasie van 20 boeke en atlasse en 13 navorsingsverslae. Voorts lewer hy 23 voordragte by internasionale en nasionale wetenskapskonferensies. Tydens sy akademiese loopbaan doen hy uitgebreide oorsese ondervinding op deur talle besoeke as gasdosent, afgevaardigde en besoekende professor aan verskeie universiteite in Europa en Australië.

Sy dienslewering aan die gemeenskap en ons land doen hy deur betrokke te raak by aktuele sake van nasionale belang, soos die afbakening van provinsies vir die nuwe politieke bedeling, bevolking-sensusopnames, die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en talle omvattende navorsings-projekte oor verstedeliking.

In 1984 is hy deur die SAAWK met die Stalsprys vir Geografie vereer vir sy bydrae tot die Geografie as dissipline. Hy was 'n volle lid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en 'n raadslid, president en genoot van die SA Geografiese Vereniging.

Prof. Van der Merwe word oorleef deur sy vrou Audrey, seuns Johan en Rian, sy skoondogters en vier kleinkinders. Ons eer sy nagedagtenis.

➢ Prof. C.B. van Wyk †



Prof. C.B. (Stoffel) van Wyk het 'n leeftyd aan diens aan die wetenskap en onderwys gewy. In 1987 was hy die ontvanger van die SA Akademie se Erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering.

Prof. Van Wyk is op 20 Desember 1920 in die distrik Calvinia gebore en matrikuleer aan die Hoërskool Calvinia, waarna hy aan die US sy BSc en MSc in Wiskunde en Fisika behaal en aan die Universiteit van Cambridge sy doktorsgraad.

Ná enkele jare as dosent aan die destydse Universiteit van Natal was hy van 1952 tot met sy aftrede in 1985 professor en hoof van die Departement Toegepaste Wiskunde aan die destydse UOVS. Ongeveer 25 MSc- en PhD-studente het hulle navorsing onder sy leiding voltooi.

Die destydse Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika se ontstaan in 1954 was te danke aan die inisiatief van prof. Van Wyk. Hy was 'n lid van die destydse Eerste Minister se adviesraad vir wetenskaplike beleid, lid van die komitee wat die program vir atoomenergienavorsing in Suid-Afrika opgestel het, lid van die Departement Natuurwetenskappe, lid van die seleksiekomitees van die Rhodestrust, die National Science Foundation en die USA-SA Leader Exchange Program.

In samewerking met die Vrystaat se onderwysdepartemente het prof. Van Wyk talle kursusse in wiskunde en "skeinat" vir onderwysers gereël. 'n Vrystaatse Wetenskaponderwysersvereniging is deur hom gestig, sowel as ander gespesialiseerde verenigings vir die onderwys. Ook het hy 'n belangrike aandeel in die oprigting van die tydskrif *Spectrum* in 1962 gehad.

Prof. Van Wyk se geordende en gedissiplineerde werkwyse, goeie voorbereiding, kennis en liefde vir sy vak, en sy entoesiasme het van hom 'n uitstekende dosent en gewaardeerde kollega gemaak.

(Van die inligting is geneem uit die verkorte huldigingswoord deur prof. P.H. Stoker, 3 Maart 1987.)

Boekbekendstellings



***'n Bekroonde nalatenskap: Die Fakulteit Natuurwetenskappe van die NWU oor 100 jaar* – Elize S. van Eeden (red.)**


'n Glanspublikasie met die inspirerende verhaal van die Fakulteit Natuurwetenskappe van die Noordwes-Universiteit oor die afgelope meer as honderd jaar, het pas verskyn. Dié boek is deur prof. Elize van Eeden, 'n ervare geskiedskrywer, saamgestel en is tydens 'n geleentheid aan personeel van die fakulteit en 'n aantal genooide gaste bekend gestel.

Die dekaan van die fakulteit, prof. Kobus Pienaar, sê die boek het nie net die geskiedenis van die fakulteit vasgelê nie; dit is ook die wens dat dié inspirerende geskiedenis die huidige en toekomstige personeel en studente sal versterk en ondersteun in hul werksaamhede. "Die leser kan verwag om te lees hoe roepingsbewuste mense, ongeag dikwels moeilike tye en baie hindernisse, deur toewyding en geesdrif dit reggekry het om groot wetenskaplike bydraes te lewer, studente toe te rus en daarin te slaag om 'n trotse fakulteit met 'n roemryke verlede te bou."

Die fakulteit het in 1922 ontstaan, maar sy wortels strek terug tot in 1869 met die stigting van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Burgersdorp, en later as deel van die Potchefstroomse Universiteitskollege, vanaf 1951 deel van die PU vir CHO en sedert 2004 deel van die Noordwes-Universiteit. Pienaar sê die fakulteit het nooit in isolasie gefunksioneer nie, en het in die verlede ook opleidingsprogramme soos farmasie en ingenieurswese, gehuisves voordat hulle later tot volwaardige fakulteite ontwikkel het. Hy sê die nasporing van die gebeure wys die groei van 'n eie denktradisie gegrond op tipies natuurwetenskaplike denke, insluitende die vereiste van datagebaseerde gevolgtrekkings en die eksaktheid van die wiskundige wetenskappe. "Die fakulteit was deurgaans navorsinggedrewe en die ontwikkeling van 'n eie waardestelsel van diensbaarheid, toewyding en die belang van vakfilosofie is besonder sigbaar."

Van Eeden skryf: "Die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die NWU het 'n besonder trotse verlede, wat nodig is om te deel met veral alumni, werknemers en akademici nasionaal en internasionaal."

Skrywers en navorsers vir die agtien vakke en vyf navorsingsentiteite het meegewerk om die geskiedenis vas te lê. Tydens die geleentheid is 'n eksemplaar van die boek aan die Kampusrektor, prof. Fika Janse van Rensburg, en aan verteenwoordigers van verskeie instansies oorhandig. Die boek is reeds gratis elektronies beskikbaar by http://hdl.handle.net/10394/20995. Om 'n eksemplaar van die boek te bekom, kan belangstellendes Lizelle le Roux by 018 299 2301 skakel.



Vorige dekane van die Fakulteit Natuurwetenskappe by die bekendstelling van die fakulteit se geskiedenisboek.

V.l.n.r. is proff. Pieter Stoker (1977 tot 1982), Carools Reinecke (1983 tot 1985), Jan Geertsema (1990 tot 1998), Daan van Wyk (1999 tot 2006), Kobus Pienaar (2006 tot 2016) en Elize van Eeden, redakteur en skrywer van die boek.

Boekbekendstellings (vervolg)



***Die spook wat boomgeklim het* deur Maritz Spaarwater**
Toe Maritz Spaarwater se loopbaan as prokureur hom verveel, vind hy sy nis in die SA Weermag en die intelligensiewêreld. Vanuit verskeie senior posisies in diens van die staat, was hy gedurende die laaste drie dekades van die 20ste eeu 'n intieme waarnemer van die mees ingrypende staatkundige en maatskaplike omwenteling in die geskiedenis van Suid-Afrika. Hy beskryf die kopskuiwe en prosesse wat tot die vervanging van apartheid deur 'n grondwetlike demokrasie gelei het en oorweeg die nadraai daarvan.

BESTELLINGS:
Maritz Spaarwater – maritz@mweb.co.za
(via Erfenis Publikasies: http://erfenispublikasies.blogspot.co.za/)




Die psigopaat ontmasker deur **dr. Jannie Roux** is die werk van 'n kundige man wat die tema behandel met wysheid en insig gegrond op deeglike navorsing oor die verskynsel van die psigopatiese persoonlikheidsversteuring. "Ek het nog nie 'n boek teëgekom wat hierdie onderwerp op die vlak hanteer wat dr. Roux dit doen nie," skryf dr. A.C. Lawrence, 'n praktiserende psigiater.

"Jannie Roux se manuskrip gooi die lesersnet wyd, sonder om oppervlakkig te wees. Die leser leer ken elke mens agter makabere gebeure, kom meer te wete van beweegredes en oorsake van hierdie tipe antisosiale gedrag en spreek die immer aanwesige vraag van aanspreeklikheid en behandelbaarheid aan," volgens Marius Ackerman, 'n praktiserende advokaat.

"Ek dink die skrywer het dit reggekry om die waserigheid rondom psigopatie op 'n verstaanbare manier te ontsluit … die boek bied genoeg stof tot nadenke vir praktisyns, akademici, studente en sommer ook vir die leek wat graag meer wil weet oor die gedragsversteuring. Die maklike wyse waarop soms moeilike konsepte verduidelik word, noodsaak spesiale melding," sê prof. Christiaan Bezuidenhout, Kriminologie, Universiteit van Pretoria.

Publishing World SA
ISBN: 978-1-928350-47-7
Prys: R249

Boekbekendstellings (vervolg)



Die huidige Landdroshofreëls in Afrikaans

Op 21 Februarie vanjaar, Wêreldmoedertaaldag, het die Vereniging van Regslui vir Afrikaans (VRA) die resultaat van 'n belangrike inisiatief bekendgestel waardeur nie net 'n beduidende bydrae tot die behoud van die hoër funksies van Afrikaans gelewer is nie, maar die regspleging ook weer nader aan duisende Afrikaanssprekende regspraktisyns en hulle kliënte gebring is. Dit was die Afrikaanse vertaling van die tans geldende Landdroshofreëls.

Dit is voor die hand liggend dat die landdroshowe baie belangrik in die regspleging in Suid-Afrika is. In die vorige grondwetlike bedeling (byvoorbeeld art. 89 van die 1983-Grondwet) was dit 'n vereiste dat "alle wetsontwerpe, wette en kennisgewings van algemene openbare betekenis of belang wat deur die Regering van die Republiek uitgegee word, in albei die amptelike tale [moet] wees." Daarom is die Landdroshofreëls altyd in sowel Afrikaans as Engels afgekondig.

In 2010 is die hele stel Landdroshofreëls opnuut afgekondig, maar dié keer nie in Afrikaans ook nie (dit is nie duidelik of die reëls ook in 'n ander amptelike taal naas Engels afgekondig is nie). Afrikaanssprekende regspraktisyns wat dikwels werk met die landdroshowe en hulle reëls, met inbegrip van die tientalle vorms wat daar kragtens voorgeskryf word, was dus noodwendig op die Engels aangewese.

Die VRA het hierdie leemte raakgesien en iets daaraan gedoen, want, soos regter Bill Prinsloo tereg op die bekendstellingsgeleentheid opgemerk het, die Landdroshofreëls is een van die "bybels" van regspraktisyns. Die VRA het toe die taalpraktisyn Tom McLachlan opdrag gegee om die reëls en gepaardgaande vorms in Afrikaans te vertaal.


Die huidige stel reëls bevat heelparty reëls wat haas onveranderd uit die voor-2010-reëls oorgeneem is, maar ook verskeie wat heeltemal nuut is of ingrypend verander is. Etlike reëls is ook met die nodige aanpassings uit die Eenvormige Hofreëls oorgeneem.

Die nuwe Afrikaanse vertaling het ag geslaan op die bekende "ou" bewoording en gevestigde regstaal, en het veral die terminologie van die magtigende wetgewing streng gevolg. Nogtans is gepoog om sinne toegankliker te struktureer en sekere verouderde woorde deur modernes te vervang. Oplettende gebruikers sal dus sekere vernuwings opmerk, maar ook nie heeltemal ontuis voel nie.

Vanselfsprekend het die hele projek die VRA 'n stewige bedrag – in die omgewing van R75 000! – uit die sak gejaag, maar hy kon dit deurvoer danksy 'n borgskap deur die Dr. Marie Luttig-Trust.

Die reëls is in 'n gerieflike sakformaat gepubliseer, wat by die VRA verkrygbaar is. Dié formaat is egter onprakties vir die vorms en daarom is laasgenoemde elektronies in A4-formaat ook by die VRA verkrygbaar. Belangstellendes kan die VRA by admin@vra.co.za vir eksemplare nader. Die gepubliseerde boekie kos R150.

Boekbekendstellings (vervolg)




Die Dorslandtrek 1874–1881 deur **Nicol Stassen**
Die Dorslandtrek 1874–1881 vertel die aangrypende verhaal van die ongeveer 700 persone (benewens 'n onbekende aantal swart arbeiders) wat Transvaal gedurende die jare 1874 tot 1877 verlaat het en hulle in 1881 ná 'n swerftog van sewe jaar op Humpata op die hoogland van Angola gevestig het. Gedurende hulle epiese tog het ongeveer 230 blanke trekkers gesterf en het ongeveer dieselfde getal na Transvaal teruggekeer. Hoewel ongeveer 130 babas gedurende die trek gebore is, het slegs ongeveer 370 persone hulle beloofde land uiteindelik bereik.

Die Dorslandtrek 1874–1881 is die eerste boek in amper veertig jaar wat oor dié onderwerp verskyn. Bestaande feite word grondig ontleed en nuwe feite word op 'n omvangryke wyse byeengebring.

Die resultaat is die mees omvattende boek oor dié aangrypende gebeurtenis, en die foto's is kunswerke.

Protea Boekhuis
EAN: 9781485301059
Prys: R600




Oorlog en Terpentyn deur **Stefan Hertmans**, vertaal deur **Daniel Hugo**
Kort voor sy dood oorhandig Stefan Hertmans se oupa, Urbain Martien – 'n vergete oorlogsheld uit die Eerste Wêreldoorlog – twee skryfboeke met sy memoires aan hom. Meer as 30 jaar gaan verby voordat Hertmans die boeke begin bestudeer en die waarde daarvan besef. Dit word 'n ontdekkingsreis na die verlede, wat nie net die verskrikking van die loopgrawe oopspit nie, maar ook op hartroerende wyse die verbintenis tussen generasies uitbeeld. *Oorlog en terpentyn* is die eerste werk van die Vlaamse digter/skrywer Stefan Hertmans wat in Afrikaans verskyn, maar hy het reeds meer as 25 publikasies op sy kerfstok. Hy is die wenner van verskeie literêre pryse (waaronder die Vlaamse Cultuurprijs voor de Letteren), terwyl die *New York Times* die Engelse vertaling, *War and turpentine,* as een van die top 10-boeke van 2016 aangewys het.

Daniel Hugo het met dié vertaling die SA Akademieprys vir Vertaalde Werk ontvang.

Protea Boekhuis
ISBN: 9781485306108
Prys: R275

Boekbekendstellings (vervolg)




Die Herero-opstand 1904–1907 deur **Gerhardus Pool** is belangrike Africana wat die geskiedenis van volksverhoudinge in Namibië met verantwoordelikheid vertel. Dit is 'n heruitgawe van 'n gesaghebbende boek wat in die 1970's ses leer herdruk is.

Die lotgevalle van die Hererovolk word in hierdie boek geskets, 'n stuk geskiedenis wat 'n sentrale plek in Namibië se kleurryke geskiedenis beklee. Die opstand van die Herero's in 1904 teen Duitse koloniale gesag kan beskou word as die enkele gebeurtenis wat die gebied se volksverhoudinge die ingrypendste verander het. Die geleidelike opbou na die konflik, die skielike uitbarsting van geweld en die tragiese afloop vir die Herero's, toe duisende verhonger het en hulle grond en politieke seggenskap verloor het, word ontleed.

Uitgewer: Protea Boekhuis

ISBN: 9781485305941
Prys: R275



In ***Chaka: die nuwe Afrikaanse vertaling*** deur **Chris Swanepoel** word die geboorte, opgang en val van die historiese Chaka slegs as vertrekpunt gebruik. Die werk vertoon konneksies met verskeie mondelinge en literêre genres soos die volksverhaal, legende, fabel, sage, fantasie en selfs mite. Daar is ook allegoriese kenmerke. Die stilistiese grootsheid, poëtiese prosa, historiese basis vermeng met fiktiewe elemente en karakters, die idealisering van Chaka se krygsvernuf, die heroïsering, is kenmerke wat die werk waarskynlik op die vlak van 'n literêre epos plaas. Chaka se oorwinning oor die onregverdige behandeling wat hom in sy jeug te beurt geval het – gedeeltelik as gevolg van sy buite-egtelike geboorte – en sy vordering tot magtige heerser oor die grootste gedeelte van Suider-Afrika, word in dié roman aangebied as 'n direkte gevolg van die intervensie van bonatuurlike magte wat hom dapper en bloeddorstig gemaak het: eers deur die vrouedokter van Bungane en daarna deur die invloedryke tradisionele geestelike Isanusi en sy handlangers Malunga en Ndlebe, wat almal briljant gekarakteriseer word.

Chaka eindig met die AmaZulu wat nadink oor die tragedie wat hulle leier te beurt geval het en sê: "Di a bela, di a hlweba! Madiba ho pjha a maholo!" (*Dit kook en skif! Selfs die groot ryke kom tot 'n val!*).

Unisa Press
EAN: 9781868888207
Prys: R372,29 (BTW ingesluit)

Boekbekendstellings (vervolg)




Die hart van God: Verhale van vroue in sending deur **Liesel Joubert en Isabel Murray**

Die boek, onder redakteurskap van Liesel Joubert en Isabel Murray, is deur ses skrywers geskryf: Nina Müller van Velden, Isabel Murray, Mary-Anne Plaatjies van Huffel, Rethie van Niekerk, Carin van Schalkwyk, Delmarie Viljoen en Martin Pauw. Dié besondere keuse van skrywers bring 'n unieke blik op die omvang van vrouestemme wat oor dekades heen in die NGK/VGKSA onderwaardeer is. Behalwe dat elkeen van die skrywers 'n direkte historiese verbintenis met vroue in die sending het, is die meeste van hulle sélf op die een of ander wyse betrokke in die veld van missionêre bediening.


Die hart van God: Verhale van vroue in sending vertel die verhale van twaalf uiteenlopende dog uiters merkwaardige vroue wat sedert 1873, met die aankoms van Abbie Ferguson en Anna Bliss in Suid-Afrika, betrokke was by bedieninge van die NGK-familie binne en buite Suid-Afrika. Die periode wat beskryf word, strek oor meer as 'n eeu. Alhoewel hierdie vroue elkeen 'n unieke bydrae tot hulle veld gelewer het (hetsy op onderwys-, maatskaplike of mediese gebied), is baie min bekend oor die meeste van hulle, en is dit in sommige gevalle die eerste keer dat hulle verhale vir die publiek ontsluit word. Die skrywers verteenwoordig elk 'n eie perspektief en styl, wat bydra tot kleurryke en boeiende vertellings. Deur die oorvertel van hierdie verhale word dus erkenning gegee aan die bydrae van gelowige vroue in die verlede sowel as in die hede. Daarmee wil die boek bydra tot 'n herevaluering van die NGK/VGKSA se sendingverhale, wat tot dusver grootliks vanuit manlike hoeke vertel is. Ook die bydrae van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns om die "outydse drukwerk" moontlik te maak, verdien besondere vermelding, aangesien die veelvuldige historiese foto's daardeur tot hul reg kom en 'n outentieke gevoel aan die verhale verleen.

Die bundel is aanlyn beskikbaar by www.clf.co.za teen R220 per eksemplaar.



Drr. Dionē Prinsloo, Isabel Murray en prof. Wessel Pienaar tydens die bekendstelling

Boekbekendstellings (vervolg)



Die Woordgilde vier 30 jaar in Pierneefteater

Ter viering van die Woordgilde se 30ste verjaardag is 'n bundel uitgereik.

Jopie Koen skryf: "Die Woordgilde is 'n digtersgroep wat sedert 1987 maandeliks bymekaarkom en hul eie gedigte lees en bespreek. Dit het baie klein begin. Dit was sommer een aand rondom 'n braaivleisvuur waar 'n klompie van ons bymekaar was. Iemand het gesê hy of sy skryf gedigte. Nog iemand sê toe sy of hy doen dit ook. Toe besluit ons om 'n keer bymekaar te kom en mekaar se gedigte te lees. En dis hoe ons dit nou nog doen. Elke maand behalwe Desember lees ons ons gedigte vir mekaar en bespreek ons dit 'n bietjie. Ons fokus spesifiek op die werk wat die lede geskryf het."

Enigiemand is welkom om lid te word. Die Woordgilde kom die laaste Dinsdag van elke maand bymekaar.

Kontakbesonderhede: Tel. 012 329 0709; info@pierneefteater.co.za



Hartskombuis: Boerekos van die Anglo-Boereoorlog tot vandag
Die kookboek oor kos uit die tydperk van die Anglo-Boereoorlog is saamgestel deur personeel van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein: Estelle Knox, Vicky Heunis, Dané Swanepoel, Etna Labuschagne en Elmarie Malherbe. Die boek is nou in 'n wedloop om 'n internasionale prys.

Hartskombuis bestaan uit etlike resepte uit die tyd van die oorlog en is aangevul met 'n bespreking van kombuistoebehore en ander artikels wat uit dié oorlog dateer. Dit is in samewerking met Tafelberg-uitgewers uitgegee en is, volgens Johan van Zijl, bestuurder van vakkundige dienste by die Oorlogsmuseum, die kroon op die museum se publikasies.

Die boek het pas die nasionale toekenning in die kulinêre afdeling van die gesogte jaarlikse Gourmand-eerbewyse opgeraap en sal einde Mei met ander nasionale wenners in China meeding.

NB-Uitgewers
ISBN: 9780624072034
Prys: R300

Uitnodiging: Die ATKV-Skryfskool 2017

Die ATKV-Skryfskool van die Noordwes-Universiteit bied van Maandag 5 Junie tot Vrydag 9 Junie 2017 'n winterskool vir opkomende fiksieskrywers aan.

Bekende en bekroonde skrywers en digters, toonaangewende uitgewers van Afrikaanse fiksie en personeel van die ATKV-Skryfskool tree as sprekers, werkwinkelaanbieders en groep-sessieleiers op. Die skryf van verhale, gedigte en kinder- en jeugfiksie kom onder die loep.

Hierdie vyfdag-geleentheid is ’n praktiese slypskool vir enigiemand wat verhale, gedigte of kinder- en jeugfiksie wil skryf. Dit word aangebied op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit en die inskrywingsgeld beloop R3 250 per persoon (sonder verblyf) of R4 700 per persoon indien 4 nagte se deelverblyf ingesluit word. Dié bedrag dek kursusgeld, asook die koste van verversings gedurende oggend- en middagteepouses, ’n openingsonthaal op Maandagaand 5 Junie en ’n afsluitings-geselligheid op Donderdagaand 8 Junie. Die winterskool sal op Vrydag 9 Junie om 12:00 afsluit. 'n Beperkte aantal verblyfplekke is beskikbaar vir kursusgangers wat die opsie van ingeslote verblyf wil uitoefen. Skakel mev. Kobie van Aswegen by Kobie.VanAswegen@nwu.ac.za (tel. 018 299 1783) vir meer besonderhede.

Kom verneem, uit die perd se bek, hoe om met die suksespad langs na skrywerskap te stap!



Persberigte 2017

Indien lede weet van enige publikasies waarin daar oor sake van die Akademie berig word, stuur dit asseblief aan nellie@akademie.co.za of faks 012 329 0293.

Is dit die einde van die taal? – prof. Flip Smit	*Rapport, 15 Januarie 2017*
11de AWS wys hoe taal groei met tydsgees – prof. G van Huyssteen	*Beeld, 21 Januarie 2017*
Advertensie – Wiskunde/Wetenskap/Poort	*Beeld, 26 Januarie 2017*
SA bereik 'n waterkrisis	*Beeld, 28 Januarie 2017*
'n Watertekort in SA? Man, ja en nee ...	*Rapport, 29 Januarie 2017*
Geskiedenis om jou aan te verlustig – prof. Fransjohan Pretorius	*Beeld, 6 Februarie 2017*
Maties het 'n nuwe ras-plan	*Rapport, 19 Februarie 2017*
Landdroshowe se boek met reëls in Afrikaans 'is bydrae tot taalbehoud' (vertaal deur Tom McLachlan)	*Beeld, 23 Februarie 2017*
Afrikaans: Theuns Eloff skets donker prentjie	*Beeld, 27 Februarie 2017*
'Malheid' 'n suksesverhaal – Nicol Stassen	*Beeld, 4 Maart 2017*
Poel van kundigheid ten bate van Afrikaanse onderrig – prof. W. Carstens	*LitNet, 14 Maart 2017*
Daniel Hugo wen SA Akademieprys vir vertaling	*Die Hoorn, 30 Maart 2017*
SA Akademie kondig wenners aan	*Maroela Media, 30 Maart 2017*
Krog wen Hertzogprys	*Beeld, 31 Maart 2017*
Antie wen met Medewete 2017	*Die Burger, 31 Maart*
Ons hoor... Antjie Krog	*Rapport, 2 April 2017*
Twee professore deel Jan H. Maraisprys (proff. Jan v.d. Watt en Jaap Steyn)	*Beeld, 3 April 2017*
Wenners van die 2017 SA Akademie-pryse	*LitNet, 7 April 2017*
'n Prins onder historici – dr. At van Wyk	*Beeld, 8 April 2017*
Vroue ryg die literêre pryse in	*Rapport, 9 April 2017*

Die Akademie se bedrywighede het die afgelope tyd ook dikwels in LitNet, Maroela Media, TV-nuus, kykNET, Dagbreek-onderhoude, RSG, Radio Pretoria en radiobulletins gefigureer.

PSG Wealth

Gehalte advies van ‘n onafhanklike adviseur is van onskatbare waarde

Dienste:

- finansiële beplanning
- portefeuljebestuur
- aandelemakelary
- werknemersvoordele
- fidusiêre dienste

PSG
KANTOOR VAN DIE JAAR
2011 - 2016

PRETORIA-OOS

T +27 (86) 177 4000
E pretoriaoos@psg.co.za
psg.co.za/pretoriaoos

Lynnwood Bridge Kantoorpark,
Kaaimans gebou, 4de Vloer,
Daventrystraat 4,
Lynnwood Manor

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is ‘n goedgekeurde finansiële diensteverskaffer. RFD 728